DIE PROVINSIE TRANSVAAL — THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Offisiële Koerant — Official Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) — (Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICE: S.A. 15c OVERSEAS 20c — PRYS: S.A. 15c OORSEE 20c

VOL. 224 — PRETORIA 2 JANUARIE / 2 JANUARY, 1980 — 4059

No. 1 (Administrateurs-), 1980.

## PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Gedeelte 68 ('n gedeelte van Gedeelte 54) en Gedeelte 239 ('n gedeelte van Gedeelte 26) van die plaas Pusela 555, Registrasie Afdeling L.T., Transvaal, gehou kragtens Akte van Transport T.25534/1974, voorwaardes 1.A(b), 1.B(b), 2.A(b) en 2.B in die gemelde Akte ophef

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 3de dag van Desember, Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-15-2-25-555-7 Vol. 2

No. 1 (Administrator's), 1980.

## PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Portion 68 (a portion of Portion 54) and Portion 239 (a portion of Portion 26) of the farm Pusela 555, Registration Division L.T., Transvaal, held in terms of Deed of Transfer T.25534/1974, remove conditions 1.A(b), 1.B(b), 2.A(b) and 2.B in the said Deed.

Given under my Hand at Pretoria, this 3rd day of Desember, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-15-2-25-555-7 Vol. 2

No. 2 (Administrateurs-), 1980.

## PROKLAMASIE

Ingevolge artikel 20(4) van die Dorpe- en Dorpsaanlegordonnansie, 1931 (Ordonnansie 11 van 1931), verklaar ek hierby die dorp Industria Noord Uitbreiding 1 tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 6de dag van Desember, Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-2-2-642

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR STALHEIM INVESTMENTS (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEGORDONNANSIE 1931, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTES 86 EN 87 VAN DIE PLAAS PAARDEKRAAL 8-I.Q., PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS:

1. STIGTINGSVOORWAARDES.

(1) *Naam.*

Die naam van die dorp is Industria Noord Uitbreiding 1.

No. 2 (Administrator's), 1980.

## PROCLAMATION

In terms of section 20(4) of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931 (Ordinance 11 of 1931), I hereby declare Industria North Extension 1 Township to be an approved township subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this 6th day of December, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-2-2-642

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY STALHEIM INVESTMENTS (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTIONS 86 AND 87 OF THE FARM PAARDEKRAAL 8-I.Q., PROVINCE OF TRANSVAAL, WAS GRANTED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

(1) *Name.*

The name of the township shall be Industria North Extension 1.

(2) *Ontwerpplan van die dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. A.3853/51.

(3) *Water.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat —

(a) 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is;

(b) reëlings tot bevrediging van die plaaslike bestuur getref is in verband met die lewering van die water in (a) hierbo genoem om die lê van die pypnet daarvoor in die dorp: Met dien verstande dat onderstaande bepalings in sodanige reëlings ingesluit moet word:

(i) Dat die applikant 'n geskikte voorraad water tot by die straatfront van 'n erf moet laat aanlê voordat die planne van 'n gebou wat op die erf opgerig sal word deur die plaaslike bestuur goedgekeur word;

(ii) dat alle koste van of in verband met die installering van 'n installasie en toebehore vir die lewering, opgaar indien nodig, van die water en die lê van die pypnet daarvoor deur die applikant gedra moet word, wat ook aanspreeklik is om sodanige installasie en toebehore in stand te hou tot tyd en wyl dit deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat indien die plaaslike bestuur vereis dat die applikant 'n installasie en toebehore van 'n groter kapasiteit as wat vir die dorp nodig is moet installeer, die ekstra koste daardeur veroorsaak deur die plaaslike bestuur gedra moet word;

(iii) dat die plaaslike bestuur daartoe geregtig is om genoemde installasie en toebehore te eniger tyd kosteloos oor te neem na voltooiing daarvan: Met dien verstande dat die applikant geld vir water wat gelewer word teen 'n tarief deur die plaaslike bestuur goedgekeur, kan vorder tot tyd en wyl die plaaslike bestuur genoemde waterlewering oorneem; en

(c) die applikant toereikende waarborge aan die plaaslike bestuur verstrek het met betrekking tot die nakoming van sy verpligtings kragtens bostaande reëlings.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die beskikbare watervoorraad en die hooftrekke van die reëlings tussen die applikant en die plaaslike bestuur getref, uiteengesit word, met spesiale vermelding van die waarborge in subparagraaf (c) genoem, moet die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby vergesel.

(4) *Sanitêre Dienste.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat reëlings tot bevrediging van die plaaslike bestuur getref is vir sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van die voorsiening vir die afvoer van afvalwater, bedryfsafval en die verwydering van vullis.

(2) *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. A.3853/51.

(3) *Water.*

The application shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that —

(a) a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up including provision for fire fighting services, is available;

(b) arrangements to the satisfaction of the local authority have been made regarding the delivery of the water referred to in (a) above and the reticulation thereof throughout the township; provided that such arrangements shall include the following provisions: —

(i) That before the plans of any building to be erected upon any erf are approved by the local authority the applicant shall cause a suitable supply of water to be laid on to the street frontage of the erf;

(ii) that all costs of, or connected with, the installation of plant and appurtenances for the delivery, storage if necessary, and reticulation of the water shall be borne by the applicant, who shall also be responsible for the maintenance of such plant and appurtenances in good order and repair until they are taken over by the local authority: Provided that if the local authority requires the applicant to install plant and appurtenances of a capacity in excess of the needs of the township the additional costs occasioned thereby shall be borne by the local authority;

(iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time, subject to the giving of six months notice, provided that until the local authority takes over the said water supply the applicant may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority; and

(c) the applicant has furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of its obligations under the abovementioned arrangements.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and major features of the arrangements entered into between the applicant and the local authority, with special reference to the guarantees referred to in sub-paragraph (c) shall accompany the said certificate as an annexure thereto.

(4) *Sanitation.*

The applicant shall lodge with the Administrator, for his approval, a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

'n Beknopte verklaring van die hooftrekke van genoemde reëlings moet die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby vergesel.

(5) *Elektrisiteit.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat reëlings tot bevrediging van die plaaslike bestuur getref is vir die lewering en distribusie van elektrisiteit deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hooftrekke van genoemde reëlings moet die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby vergesel.

(6) *Strate.*

(a) Die applikant moet die strate in die dorp vorm, skraap en onderhou tot voldoening van die plaaslike bestuur totdat die aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande egter, dat die applikant se aanspreeklikheid om die strate te onderhou, ten opsigte van elke straat ophou sodra daar op 40 % van die erwe wat aan die betrokke straatgrens geleë is, gebou is.

(b) Die strate moet in hulle lengte gegradeer word sodat, met inagneming van die topografie van die grond, daar nie onnodige skielike hellingsveranderinge sal wees nie en dat die minimum lengte tussen die punte waar hellingsveranderinge plaasvind, sover as moontlik nie minder as 31 m uitmekaar is nie, tensy anders goedgekeur deur die plaaslike bestuur. Tensy prakties onmoontlik, moet geen straathellings minder as 1 in 250 wees nie.

(c) Die applikant moet op eie koste en tot bevrediging van die plaaslike bestuur, die wal aan die westekant van Van Wykweg, wegsny.

(d) Die applikant moet tot bevrediging van die plaaslike bestuur 'n duiker onderdeur die pad tussen Erf *145* in die dorp Industria Noord en Erf *158* in die dorp bou.

(7) *Skenking.*

Die applikant moet, onderworpe aan die voorbehoudsbepaling van paragraaf (d) van sub-artikel (1) van artikel sewe-en-twintig van Ordonnansie 11 van 1931, kwartaalliks as 'n skenking aan die plaaslike bestuur 'n bedrag betaal gelykstaande met 18 % van slegs die grondwaarde van alle erwe wat deur die applikant verkoop, verruil of geskenk of op enige ander manier van die hand gesit word (uitgesonderd erwe oorgedra ingevolge artikel vier-en-twintig van daardie Ordonnansie), sodanige waarde bereken te word soos op die datum waarop dit aldus van die hand gesit word en vasgestel te word op die wyse uiteengesit in genoemde paragraaf (d).

Die applikant moet geouditeerde, gedetailleerde kwartaalstate, saam met die bedrag wat daarop aangewys word as verskuldig aan die plaaslike bestuur, aan die plaaslike bestuur verstrek. Die plaaslike bestuur of enige beampte deur hom behoorlik daartoe gemagtig, besit die reg om op alle redelike tye die applikant se boeke betreffende die vervreemding van erwe in die dorp te inspekteer en te ouditeer. Op versoek van genoemde plaaslike bestuur of beampte moet die applikant alle boeke en stukke, wat vir so 'n inspeksie en ouditering nodig is, voorlê. Indien geen sodanige gelde gedurende 'n tydperk van drie maande ontvang is nie kan die plaas-

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

(5) *Electricity.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A sumarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

(6) *Streets.*

(a) The applicant shall form, grade and maintain the streets in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided, however, that the applicant's responsibility to maintain the streets shall cease in respect of each street when 40 % of the erven abutting the street concerned have been built upon.

(b) The streets shall be graded longitudinally so that, having regard to the topography of the ground, there shall not be any unreasonable sudden changes in grade and so far as possible the minimum length between the points where changes of grade take place shall be 31 m unless otherwise approved by the local authority. Unless impracticable, no street shall be of a grade less than 1 in 250.

(c) The applicant shall at its own expense cut down the bank on the western side of Van Wyk Road to the satisfaction of the local authority.

(d) The applicant shall construct a culvert under the road between Erf 145 in Industria North Township and Erf 158 in the township to the satisfaction of the local authority.

(7) *Endowment.*

The applicant shall, subject to the proviso to paragraph (d) of sub-section (1) of section twenty-seven of Ordinance 11 of 1931, pay quarterly as an endowment to the local authority an amount representing 18 % on land value only of all erven disposed of by the applicant by way of sale, barter or gift or in any other manner (other than erven transferred in terms of section twenty-four of that Ordinance), such value to be calculated as at the date of such disposal and to be determined in the manner set out in the said paragraph (d).

Quarterly audited detailed statements shall be rendered by the applicant to the local authority and shall be accompanied by a remittance for the amount shown to be due to the local authority. The local authority or any official duly authorised thereto, by it, shall have the right at all reasonable times to inspect and audit the applicant's books relative to the disposal of erven in the township. If so required by the said local authority, or official, the applicant shall produce all such books and papers as may be necessary for such inspection and audit. If no such monies have been received during any quarterly period, the local authority may, in lieu

like bestuur 'n verklaring waarin melding daarvan gemaak word, in plaas van die geouditeerde staat aanneem.

(8) *Grond vir Munisipale Doeleindes.*

Die applikant moet op eie koste, die volgende erwe aan die plaaslike bestuur oordra:

(i) Algemeen: Erf 159.

(ii) As Parke: Erwe 157, 158 en 160.

(9) *Stormwater.*

Indien die ontwikkeling van die dorp lei tot 'n toename in die afloop van stormwater wat die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë noodsaak om enige nodige maatreëls te tref om dit te beheer, sal dit van die applikant vereis word om die koste van sodanige werk te dra en die water, nadat dit die eiendom van gemelde Administrasie verlaat het, weg te voer.

(10) *Wysiging van Dorpsaanlegskema.*

Die applikant moet op eie koste die nodige stappe doen om die toepaslike dorpsaanlegskema te laat wysig onmiddellik nadat die dorp geproklameer is.

2. TITELVOORWAARDES.

(1) *Alle erwe.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

(2) Alle erwe met uitsondering van dié genoem in klousule 1(8) hiervan is onderworpe aan die volgende verdere voorwaardes: —

(a) Die applikant en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe gemagtig is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel 56*bis* van Ordonnansie 11 van 1931, of enige wysiging daarvan nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.

(b) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die bevalligheid van die omgewing benadeel nie.

(c) Nóg die eienaar, nóg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.

(d) By die indiening van 'n sertifikaat by die Registrateur van Aktes deur die plaaslike bestuur ten effekte dat die dorp in 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema opgeneem is en dat die skema voorwaardes bevat wat in ooreenstemming is met die titelvoorwaardes hierin vervat, verval sodanige titelvoorwaardes.

(3) *Algemene Woonerwe.*

Benewens die voorwaardes hierbo uiteengesit, is Erwe 152, 153 en 154 aan die volgende verdere voorwaardes onderworpe: —

of an audited statement, accept a statement to that effect.

(8) *Land for Municipal Purposes.*

The following erven shall be transferred to the local authority by and at the expense of the applicant:

(i) General: Erf 159.

(ii) As Parks: Erven 157, 158 and 160.

(9) *Stormwater.*

If the development of the township results in an increased run-off of stormwater as to render necessary any measures by the South African Railways Administration to cope therewith the applicant shall be required to defray the cost of such work and to dispose of the water after leaving the property of the said Administration.

(10) *Amendment of Town-planning Scheme.*

The applicant shall at its own expense take the necessary steps to have the relevant town-planning scheme amended immediately after proclamation of the township.

2. CONDITIONS OF TITLE.

(1) *All Erven.*

All erven shall be subject to existing conditions and servitudes including the reservation of rights to minerals.

(2) All erven with the exception of those mentioned in Clause 1(8) hereof shall be subject to the following conditions: —

(a) The applicant and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section 56*bis* of Ordinance 11 of 1931, or any amendment thereof, have the right and power at all reasonable times to enter into and upon the erf for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the abovementioned purpose.

(b) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenity of the neighbourhood.

(c) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.

(d) Upon the submission to the Registrar of Deeds of a certificate by the local authority to the effect that the township has been included in an approved town-planning scheme, and that the scheme contains conditions corresponding to the title conditions contained herein, such title conditions shall lapse.

(3) *General Residential Erven.*

In addition to the conditions set out above Erven 152, 153 and 154 shall be subject to the following further conditions:

(a) Die erf mag slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis of woonstelblok of woonstelblokke, losieshuis, koshuis of ander geboue vir gebruike soos van tyd tot tyd deur die Administrateur goedgekeur na raadpleging met die Raad en die plaaslike bestuur, op te rig: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur ander geboue waarvoor in 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word: Voorts met dien verstande dat die gebou nie meer as twee verdiepings hoog moet wees nie totdat die erf met 'n publieke rioolstelsel verbind is.

(b) Nóg die eienaar, nóg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(c) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met of voor die buitegeboue opgerig word.

(d) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 6 m van enige straatgrens daarvan geleë wees.

(e) In die geval waar 'n woonhuis op die erf opgerig word sal die voorwaardes in subklousule (6) uiteengesit van toepassing wees.

(f) Geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, opgestel ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, mag op die erf aangehou word nie.

(g) Geen gebou van hout en/of sink of roustene mag op die erf opgerig word nie.

(h) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal opgerig en onderhou word tot voldoening van die plaaslike bestuur.

(4) *Erf vir Spesiale Doeleindes.*

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (2) hiervan, is Erf 151 aan die volgende verdere voorwaardes onderworpe:

(a) Die erf moet uitsluitlik vir die besigheid van 'n hotel en vir aanverwante doeleindes gebruik word of indien nie so gebruik nie kan dit vir algemene woondoeleindes gebruik word in welke geval dit onderworpe sal wees aan die voorwaardes in subklousule (3) uiteengesit.

(b) Geboue met inbegrip van buitegeboue wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 21 m van die westelike grens van Erf 160 en 6 m van die Suid-Oostelike grens van die erf geleë wees.

(c) Geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, opgestel ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, mag op die erf aangehou word nie.

(d) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene mag op die erf opgerig word nie.

(5) *Nywerheidserwe.*

Benewens die voorwaardes in subklousule (2) hiervan uiteengesit, is Erwe 146, 147, 148, 149 en 150 aan die volgende verdere voorwaardes onderworpe:

(a) The erf shall be used solely for the purpose of erecting thereon a dwelling house or a block or blocks of flats, boarding house, hostel or other buildings for such uses as may be allowed by the Administrator from time to time after reference to the Board and the local authority: Provided that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved town-planning scheme, subject to the conditions of the scheme under which the consent of the local authority is required: Provided further that until the erf is connected to a public sewerage system the buildings shall not exceed two storeys in height.

(b) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(c) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(d) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 6 m from any boundary abutting on a street.

(e) In the event of a dwelling house being erected on the erf, the conditions set forth in subclause (6) hereof shall apply.

(f) No animal as defined in the Local Authorities Pounds Regulations framed under the Local Government Ordinance 17 of 1939 shall be kept on the erf.

(g) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.

(h) If the erf is fenced or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

(4) *Special Purpose Erf.*

In addition to the conditions set out in subclause (2) hereof, Erf 151 shall be subject to the following further conditions:

(a) The erf shall be used solely for the business of an hotel and purposes incidental thereto or, if not so used, it may be used for general residential purposes in which case it shall be subject to the conditions set out in subclause (3) hereof.

(b) Buildings including outbuildings hereafter erected on the erf shall be located not less than 21 m from the Western boundary of Erf 160 and not less than 6 m from the South-Eastern boundary of the erf.

(c) No animal as defined in the Local Authorities Pounds Regulations framed under the Local Government Ordinance 17 of 1939 shall be kept on the erf.

(d) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.

(5) *Industrial Erven.*

In addition to the conditions set out in subclause (2) hereof, Erven 146, 147, 148, 149 and 150 shall be subject to the following further conditions:

(a) Die erf en die geboue daarop opgerig of wat daarop opgerig sal word, moet uitsluitlik vir sodanige nywerheids- en/of handelsdoeleindes (byvoorbeeld fabrieks-, pakhuis-, werkswinkel- en dergelike doeleindes) gebruik word as wat skriftelik deur die plaaslike bestuur goedgekeur word en vir ander doeleindes in verband daarmee; geen kleinhandel van water aard ook al mag daarop of daarvandaan gedryf word nie, behalwe soos in subklousule (b) hiervan bepaal en behalwe dat daar spesiaal hierby bepaal word, dat, vir die toepassing van hierdie klousule die verbod op kleinhandel soos hierbo uiteengesit, nie die eienaar belet om goedere wat geheel en al of gedeeltelik op die erf vervaardig of bewerk of gemonteer word en ander goedere wat nie op die erf vervaardig word nie, op die erf te verkoop nie: Met dien verstande dat sodanige ander goedere deel uitmaak van of verbonde is aan die verkoop van en/of gebruik is by of saam met goedere wat geheel en al of gedeeltelik op die erf vervaardig of bewerk of gemonteer word. Die woorde "en ander doeleindes in verband daarmee" beteken en omvat:—

(i) die oprigting en gebruik vir woondoeleindes van geboue vir bestuurders en opsigters van werke, pakhuise of fabrieke wat op genoemde erf opgerig word, en met die skriftelike toestemming van die Administrateur, na oorlegpleging met die betrokke Departemente en die plaaslike bestuur gegee en behoudens sodanige voorwaardes as wat die Administrateur in oorlegpleging met die plaaslike bestuur mag oplê, kan vir die huisvesting van onbevoegde persone wat *bona fide* en noodsaaklik en voltyds in die nywerheid wat op die erf gedryf word, werk, voorsiening gemaak word;

(ii) die oprigting van geboue wat as kantore of pakkamers deur die eienaar of okkupeerder gebruik sal word.

(b) Die eienaar of enige okkupeerder mag nie 'n restaurant of teekamerbesigheid behalwe vir die gebruik van sy eie werknemers op die erf oprig nie.

(c) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 6 m van enige straatgrens daarvan geleë wees.

(d) Die op- en aflaai van voertuie moet slegs binne die grense van die erf geskied: Met dien verstande dat geen materiaal of goedere van watter aard ook al op dié gedeelte van die erf tussen die behoorlik voorgeskrewe boulyn en die straatgrens van die erf, gestort of bewaar mag word nie, en genoemde gedeelte vir geen ander doel behalwe die uitlê en onderhoud van grasperke en tuine gebruik mag word nie.

(6) *Spesiale Woonerwe.*

Alle erwe, behalwe dié gemeld in subklousules (3) tot (5) sal benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (2) hiervan onderworpe wees aan die volgende voorwaardes: —

(a) Die erf mag slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat 'n plek van openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort, op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat die plaas-

(a) The erf and buildings erected and to be erected thereon shall be used for such industrial and/or commercial purposes (e.g. factories, warehouses, workshops and the like) as may be approved in writing by the local authority and other purposes incidental thereto; no retail trade of any description shall be conducted thereon or therefrom, save as in subclause (b) hereof, provided and save that it is specially hereby provided that for the purposes of this clause the prohibition against retail trading set out above, shall not prohibit the owner from selling on the erf goods wholly or partially manufactured or processed or assembled thereon and other goods not manufactured on the land: Provided that such goods form part of or are incidental to the sale of and/or are for use in or with goods manufactured wholly or in part or processed or assembled on the erf and goods ancillary or incidental to the purpose for which the erf is being used. The words "and other purposes incidental thereto" shall mean and include:

(i) The erection and use for residential purposes of buildings for managers and watchmen of works, warehouses or factories erected on the said erf and with the consent in writing of the Administrator given after consultation with the relevant Departments and the local authority and subject to such conditions as the Administrator in consultation with the local authority may impose, provision may be made for the housing of disqualified persons *bona fide* and necessarily employed on full-time work in the industry conducted on the erf;

(ii) the erection of buildings to be used as offices or storerooms by the owner or occupier.

(b) The owner and any occupier shall not establish on the erf, except for the use of its own employees, a restaurant or tearoom business.

(c) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 6 m from any boundary thereof abutting on a street.

(d) The loading and off-loading of vehicles shall be done only within the boundaries of the erf: Provided that no materials or goods of whatever nature shall be dumped, placed or stored on the portion of the erf between the duly prescribed building line and the street boundary of the erf, which portion shall not be used for any purpose other than laying out and maintaining lawns and gardens.

(6) *Special Residential Erven.*

All erven, except those referred to in subclauses (3) to (5) shall, in addition to the conditions set out in subclause (2) hereof be subject to the following further conditions: —

(a) The erf shall be used for the erection of a dwelling house only: Provided that with the consent of the Administrator after reference to the Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or special buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that

like bestuur sodanige ander geboue waarvoor in 'n goedgekeurde dorpsbeplanningskema voorsiening gemaak word kan toelaat; behoudens die voorwaardes van die skema waarvolgens die plaaslike bestuur se toestemming vereis word.

(b) Nóg die eienaar, nóg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(c) Nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is mag op die erf opgerig word nie, behalwe in spesiale gevalle, en dan slegs met die skriftelike toestemming van die Administrateur (of liggaam of persoon wat hy vir dié doel aanwys), wat ook sodanige verdere voorwaardes wat hy nodig ag, mag voorskryf.

Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met, of voor, die buitegeboue opgerig word.

(d) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 3 m van die straatgrens af geleë wees.

(e) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

(f) Geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, opgestel ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, mag op die erf aangehou word nie.

(g) Geen gebou van hout en/of sink of roustene mag op die erf opgerig word nie.

(7) *Erwe 146 tot 156.*

Benewens die betrokke voorwaardes soos hierbo uiteengesit, is die erwe onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir rioleringsen ander munisipale doeleindes, soos aangedui op die algemene plan ten gunste van die plaaslike bestuur.

(b) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleiding en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens, en is voorts geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel onderworpe daaraan dat enige skade wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleiding en ander werke veroorsaak word, vergoed word.

(8) *Woordomskrywing.*

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdrukkings die betekenisse wat aan hulle geheg word:

(i) "Applikant" beteken Stalheim Investments (Proprietary) Limited en sy opvolgers tot die eiendomsreg van die dorp.

(ii) "Woonhuis" beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning deur een gesin.

the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved town-planning scheme, subject to the conditions of the scheme under which the consent of the local authority is required.

(b) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose, whatsoever, any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(c) Not more than one dwelling house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf, except in special circumstances, and then only with the consent in writing of the Administrator (or body or person designated by him for the purpose), who may prescribe such further conditions as he may deem necessary.

The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(d) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 3 m from the boundary thereof abutting on a street.

(e) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

(f) No animal as defined in the Local Authorities Pounds Regulations framed under the Local Government Ordinance 17 of 1939, shall be kept on the erf.

(g) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.

(7) *Erven 146 to 156.*

The erven shall, in addition to the relevant conditions set out above, be subject to the following conditions:

(a) The erf is subject to a servitude for sewerage and other municipal purposes as indicated on the general plan, in favour of the local authority.

(b) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of constructing, maintaining and removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(8) *Definitions.*

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:

(i) "Applicant" shall mean Stalheim Investments (Proprietary) Limited and its successors in title to the township.

(ii) "Dwelling house" shall mean a house designed for use as a dwelling for a single family.

## ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

## ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 1495 19 December, 1979

GROBLERSDAL MUNICIPALITY: PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES.

Notice is hereby given in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Groblersdal Municipality has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9(7) of the said Ordinance, alter the boundaries of Groblersdal Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for any persons interested, within 30 days, of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to direct to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Director of Local Government, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria and at the office of the Town Clerk of Groblersdal.

PB. 3-2-3-59

SCHEDULE.

1. Portion 113 of the farm Loskop Suid 53-J.S., in extent 950 sq. metres vide Diagram S.G. A.3189/69.

2. Portion 117 of the farm Loskop Suid 53-J.S., in extent 4,2974 ha, vide Diagram S.G. A.5672/78.

3. Portion 25 of the farm Klipbank 26-J.S., in extent 1,7417 ha, vide Diagram S.G. A.4376/45.

4. Portion 27 of the farm Klipbank 26-J.S., in extent 1,9675 ha, vide Diagram S.G. A.1929/48.

5. Portion 29 of the farm Klipbank 26-J.S., in extent 1,7131 ha, vide Diagram S.G. A.5559/49.

6. Portion 39 of the farm Klipbank 26-J.S., in extent 345,0103 ha, vide Diagram S.G. A.6479/76.

Administrateurskennisgewing 1495 19 Desember 1979

MUNISIPALITEIT GROBLERSDAL: VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE.

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Munisipaliteit van Groblersdal 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9(7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit Groblersdal verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

Enige belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele, te voldoen nie.

Verdere besonderhede van die aansoek lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die Stadsklerk Groblersdal, ter insae.

PB. 3-2-3-59

BYLAE.

1. Gedeelte 113 van die plaas Loskop Suid 53-J.S. groot 950 vk. m., volgens Kaart L.G. A.3189/69.

2. Gedeelte 117 van die plaas Loskop Suid 53-J.S. groot 4,2974 ha, volgens Kaart L.G. A.5672/78.

3. Gedeelte 25 van die plaas Klipbank 26-J.S. groot 1,7417 ha, volgens Kaart L.G. A.4376/45.

4. Gedeelte 27 van die plaas Klipbank 26-J.S. groot 1,9675 ha, volgens Kaart L.G. A.1929/48.

5. Gedeelte 29 van die plaas Klipbank 26-J.S. groot 1,7131 ha, volgens Kaart L.G. A.5559/49.

6. Gedeelte 39 van die plaas Klipbank 26-J.S. groot 345,0103 ha, volgens Kaart L.G. A.6479/76.

Administrator's Notice 1496 19 December, 1979

WATERVAL BOVEN HEALTH COMMITTEE: PROPOSED RAISING OF STATUS.

Notice is hereby given, in terms of section 10 read with section 114 of the Local Government Ordinance, 1939, the Waterval Boven Health Committee has in terms of section 9(1)(a) of the said Ordinance, submitted a petition to the Administrator to constitute a village council for the area of jurisdiction of the Waterval Boven Health Committee in lieu of the existing Health Committee.

It shall be competent for all persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to direct to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria a counterpetition requesting the Administrator to refrain from granting the said petition, either wholly or in part.

PB. 3-6-5-2-106

Administrateurskennisgewing 1496 19 Desember 1979

GESONDHEIDSKOMITEE VAN WATERVAL BOVEN: VOORGESTELDE VERHOGING VAN STATUS.

Ingevolge artikel 10 gelees met artikel 114 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Gesondheidskomitee van Waterval Boven ingevolge artikel 9(1)(a) van genoemde Ordonnansie, 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het om 'n dorpsraad vir die regsgebied van die Gesondheidskomitee van Waterval Boven in die plek van die bestaande Gesondheidskomitee in te stel.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant*, aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria, 'n teenpetisie te rig waarin die Administrateur versoek word om nie aan genoemde versoekskrif, in geheel of ten dele te voldoen nie.

PB. 3-6-5-2-106

Administrateurskennisgewing 1 2 Januarie 1980

MUNISIPALITEIT BALFOUR: VERANDERING VAN GRENSE

Die Administrateur het, ingevolge artikel 9(7) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die grense van die Munisipaliteit Balfour verander deur die inlywing daarby van Gedeelte 31 ('n gedeelte van Gedeelte 1) van die plaas Vlakfontein 558-I.R., groot 12,8439 ha. volgens Kaart L.G. A.1663/58.

PB. 3-2-3-45

Administrateurskennisgewing 2 2 Januarie 1980

MUNISIPALITEIT BEDFORDVIEW: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE UITREIKING VAN SERTIFIKATE EN VERSKAFFING VAN INLIGTING AAN DIE PUBLIEK.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Uitreiking van Sertifikate en Verskaffing van Inligting aan die Publiek van die Munisipaliteit Bedfordview afgekondig by Administrateurskennisgewing 978 van 27 Junie 1973 word hierby gewysig deur die Bylae deur die volgende te vervang: —

"BYLAE.

GELDE VIR DIE VERSTREKKING VAN INLIGTING.

| | R |
|---|---|
| 1. Vir 'n sertifikaat wat die Raad ingevolge artikel 50 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 uitreik | 2,00 |
| 2.(1) Vir die mondelinge verskaffing van inligting van 'n eiendom soos die Munisipale waardasie of die naam of adres van die eienaar daarvan of vir twee of meer van die inligtings met betrekking tot een eiendom, wat aangevra word deur iemand wat nie die eienaar van die eiendom of sy agent is nie | 0,50 |
| (2) Vir 'n skriftelike kennisgewing waarop een of meer van die inligting soos uiteengesit ingevolge item 2(1) aangegee word | 1,00 |
| 3.(1) Vir elke insae in 'n plan, behalwe 'n bouplan wat deur die Stadsingenieur goedgekeur is, of iedere keer wat 'n akte, plan, diagram of ander stuk en alle stukke in verband daarmee verkry word | 0,50 |
| (2) Vir die insae in bouplanne wat deur die Stadsingenieur goedgekeur is, per lêer planne | 0,50 |
| (3) Vir eksemplare van die maandelikse boustatistiek en skedule van goedgekeurde planne, per eksemplaar | 1,00 |
| 4.(1) Afskrifte van die kieserslys, van alle wyke per afskrif | 30,00 |
| (2) Afskrifte van die kieserslys van 'n wyk vir iedere afskrif | 5,00 |

Administrator's Notice 1 2 January, 1980

BALFOUR MUNICIPALITY: ALTERATION OF BOUNDARIES.

The Administrator, has, in terms of section 9(7) of Ordinance 17 of 1939, altered the boundaries of Balfour Municipality by the incorporation therein of Portion 31 (a portion of Portion 1) of the farm Vlakfontein 558-I.R., 12,8439 ha in extent, vide diagram S.G. A.1663/58.

PB. 3-2-3-45

Administrator's Notice 2 2 January, 1980

BEDFORDVIEW MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE ISSUE OF CERTIFICATES AND FURNISHING OF INFORMATION TO THE PUBLIC.

35A.(1) 'n Tydelike teken wat in verband staan met die advertering van kerklike, sport-, opvoedkundige, kulturele, liefdadigheids- of verkiesingsgeleenthede of byeenkomste of 'n vergadering of byeenkoms van 'n wettige politieke party kan langs of sigbaar vanaf enige straat, behalwe langs of sigbaar vanaf Kerkplein, Stasieplein en die Fonteinedal, vertoon word slegs indien —

(a) sodanige teken aangebring word vir 'n tydperk wat vooraf deur die Direkteur skriftelik goedgekeur is en nadat daar skriftelik op die in Bylae 4 voorgeskrewe vorm aansoek gedoen is; en

(b) die in Bylae 2 voorgeskrewe bedrag aan die Raad betaal is: Met dien verstande dat ten opsigte van tydelike tekens wat met liefdadigheids- of verkies-

The By-laws for the Control of Outdoor Advertising of the Pretoria Municipality, published under Administrator's Notice 654, dated 12 August, 1964, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the insertion in section 1 after the definition of "Council" of the following definition: " 'Director' means the Director of Town-planning and Architecture of the Council or an officer duly authorized by him".

2. By the substitution in section 2 for the word "cause" of the word "permit".

3. By the substitution for section 18 of the following section:

*"Control of Signs and Commodity Advertising"*

18. Except on a building on an erf zoned for 'General Business' in terms of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, and a building in the central area of Pretoria, as defined in the Streets and Buildings By-laws, no person shall erect, display or maintain or have erected, displayed or maintained or permit the erection, display or maintenance of a sign advertising any other commodity than that stored, sold or produced in such building".

4. By the substitution for section 33 of the following:

*"Signs on Natural Objects or Electricity Poles.*

33. No person shall erect, display or maintain or have erected, displayed or maintained, or permit the erection, display or maintenance of a temporary sign on a natural object or street pole: Provided that a temporary sign as contemplated in section 35A may be displayed on a tree or electricity pole if such tree or pole will not in any way be damaged by such display".

5. By the substitution for sections 35 and 36 of the following:

*"Display of Temporary Signs.*

35. No person shall erect, display or maintain or have erected, displayed or maintained, or permit the erection, display or maintenance of a temporary sign, except the signs mentioned in sections 35A, 35B and 35C.

*Temporary Signs for Specific Events.*

35A.(1) A temporary sign in connection with the advertising of ecclesiastical, sporting, educational, cultural, charitable or electoral events or gatherings or a meeting or gathering of a lawful political party may be displayed alongside or within view of any street, except alongside or within view of Church Square, Station Square and the Fountains Valley, only if —

(a) such sign is displayed for a period approved in writing by the Director beforehand and after a written application on the form prescribed in Schedule 4 has been made; and

(b) the amount prescribed in Schedule 2 has been paid to the Council: Provided that in respect of temporary signs in connection with charitable or electoral

ingsaangeleenthede of byeenkomste in verband staan, sodanige bedrag aan die aanvraer terugbetaal word indien bewys gelewer word dat alle sodanige tekens verwyder is.

(2) Niemand mag meer van die in subartikel (1) bedoelde tekens, wat dieselfde strekking het, vertoon as die getal wat die Raad van tyd tot tyd bepaal nie.

(3) 'n Teken, soos in subartikel (1) bedoel, moet —

(a) nie groter as 0,6 m by 1 m wees nie;

(b) so aangebring en vertoon word dat die onderkant van sodanige teken nie hoër as 0,5 m bo die grondvlak is nie;

(c) so aangebring word dat dit nie nader as 10 m van enige straatkruising of -aansluiting af is nie;

(d) geen reklame vir enige handelsartikel, insluitende reklame met betrekking tot onroerende eiendom, bevat nie;

(e) binne drie dae na die in subartikel (1)(a) bedoelde tydperk verwyder word.

*Tydelike tekens vir die verkoop of verhuur van eiendom.*

35B.(1) 'n Tydelike teken wat in verband staan met die verkoop of verhuur van roerende of onroerende eiendom, die uitvoering van werke of die lewering van dienste kan op 'n perseel sigbaar vanaf 'n straat vertoon word, indien sodanige vertoning geskied —

(a) met die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die Direkteur;

(b) na betaling van die in Bylae 2 voorgeskrewe bedrag; en

(c) binne die grense van die perseel wat die onderwerp van sodanige verkoping of verhuring of uitvoering van werke of voorsiening van dienste uitmaak, na gelang van die geval.

(2) Niemand mag meer as twee tekens, soos in subartikel (1) bedoel, gelyktydig op een perseel vertoon of toelaat dat dit vertoon word nie, tensy die Direkteur skriftelik vir die vertoning van meer sodanige tekens toestemming verleen het.

(3) 'n Tydelike teken, soos in subartikel (1) bedoel moet —

(a) nie groter as 600 mm by 460 mm wees nie en die hoogste punt daarvan mag nie hoër as 2,5 m bokant grondvlak wees nie;

(b) nie letters, syfers of simbole van groter as 150 mm bevat nie; en

(c) binne sewe dae na afloop van die verkoping of die sluiting van die huurkontrak of die voltooiïng van die werke of diens verwyder word.

*Tydelike koerantplakkate.*

35C.(1) 'n Tydelike teken wat 'n plakkaat is van 'n koerant wat op 'n bepaalde tyd aan die publiek te koop aangebied word, mag net op die publikasiedag langs of sigbaar vanaf enige straat vertoon word, slegs indien sodanige vertoning geskied —

events or gatherings, such amount shall be refunded to the applicant upon submission of proof that all such signs have been removed.

(2) No person shall display more of the signs contemplated in subsection (1) having the same purport, than the number determined by the Council from time to time.

(3) A sign, as contemplated in subsection (1), shall —

(a) not be larger than 0,6 m by 1 m;

(b) be erected and displayed in such a way that the bottom of such sign is not higher than 0,5 m above ground level;

(c) be so erected that it is not closer than 10 m from any street intersection or junction;

(d) Not contain any advertisement for any commodity, including advertising in connection with immovable property;

(e) be removed within three days from the date contemplated in subsection (1)(a).

*Temporary Signs for the Sale or Lease of Property.*

35B.(1) A temporary sign in connection with the sale or lease of movable or immovable property, the execution of works or the provision of services to premises may be displayed within view of a street on premises, provided that such display is carried out —

(a) with the writen permission of the Director having been obtained beforehand;

(b) after payment of the amount prescribed in Schedule 2; and

(c) within the boundaries of the premises constituting the object of such sale or lease or execution of works or provision of services, as the case may be.

(2) No person shall display simultaneously on one premises more than two signs as contemplated in subsection (1) or permit them to be so displayed, unless the Director has granted written permission for the display of more such signs.

(3) A temporary sign, as contemplated in subsection (1), shall —

(a) not be larger than 600 mm by 460 mm and at its highest point shall not be higher than 2,5 m above ground level;

(b) not have letters, figures or symbols larger than 150 mm; and

(c) be removed within seven days after the end of the sale or the conclusion of the contract of lease or the completion of the work or service.

*Temporary Newspaper Posters.*

35C.(1) A temporary sign which is a poster for a newspaper offered for sale to the public at a certain time shall be displayed only on the date of publication alongside or within view of any street, only if such display occurs —

(a) op 'n staander of 'n houer wat vooraf deur die Raad goedgekeur is; en

(b) op 'n plek en wyse wat vooraf deur die Raad se Verkeershoof goedgekeur is.

(2) In subartikel (1) bedoelde teken mag slegs nuushooflyne van die betrokke koerant, bevat.

*Strooibiljette.*

36.(1) Niemand mag enige strooibiljette, traktaatjie of pamflet van watter aard ook al in enige straat of openbare plek versprei of toelaat dat dit versprei word nie, behalwe deur sodanige strooibiljet, traktaatjie of pamflet in 'n posbus te plaas.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie op strooibiljette, traktaatjies of pamflette van 'n godsdienstige aard wat met die voorafverkreë toestemming van die Raad versprei word.".

6. Deur artikel 45 te skrap.

7. Deur artikel 46 deur die volgende artikel te vervang:

*"Vrystaande tekens.*

46.(1) Enige vrystaande teken —

(a) moet van duursame materiaal vervaardig wees;

(b) se laagste punt mag nie laer as 2 m bokant grondvlak wees nie;

(c) se hoogste punt mag nie hoër as 9 m bokant grondvlak wees nie; en

(d) mag geen enkele voorkant met 'n groter totale oppervlakte as 6 $m^2$ hê nie.

(2) Niemand mag meer as een vrystaande teken op 'n perseel oprig nie.

(3) 'n Vrystaande teken by 'n besigheid kan op 'n voetstuk wat ten genoeë van die Direkteur ontwerp en opgerig is, geplaas word.".

8. Deur na artikel 50 die volgende in te voeg:

*"Beslaglegging op tekens.*

50A. Sonder om afbreuk te doen aan die bepalings van hierdie verordeninge, kan die Direkteur beslag lê op enige teken of tydelike teken wat strydig met die bepalings van hierdie verordeninge opgerig of vertoon word: Met dien verstande dat —

(a) die eienaar van sodanige teken of 'n persoon wat deur hom gemagtig is, binne 14 dae na die datum van beslaglegging skriftelik by die Direkteur aansoek kan doen om die teruggawe van die teken indien sodanige eienaar of persoon onderneem om die verwyderingskoste van sodanige teken of R5 welke bedrag ookal die hoogste is, te betaal;

(b) die Raad na die verloop van gemelde tydperk sodanige teken kan vernietig of na goeddunke daaroor kan beskik; en

(c) nòg die Raad nòg die Direkteur aanspreeklik is vir enige skadevergoeding van watter aard ook al wat uit die beslaglegging, vernietiging of beskikking oor sodanige teken kan voortspruit.".

9. Deur Bylae 1 deur die volgende te vervang:

(a) on a stand or holder approved by the Council beforehand; and

(b) at a place and in a manner approved by the Council's Chief Traffic Officer beforehand.

(2) A sign contemplated in subsection (1) shall contain news headlines only of the newspaper concerned.

*Handbills.*

36.(1) No person shall ditsribute or permit the distribution of any handbill, leaflet or pamflet of any kind whatsoever in any street or public place, except by putting such handbill, leaflet or pamphlet in a mail box.

(2) The provisions of subsection (1) shall not be applicable to handbills, leaflets or pamphlets of a religious nature which are distributed with the prior permission of the Council.".

6. By the deletion of section 45.

7. By the substitution for section 46 of the following section:

*"Free-standing Signs.*

46.(1) Any free-standing sign —

(a) shall be of durable material;

(b) shall at its lowest point not be less than 2 m above ground level;

(c) shall at its highest point not be more than 9 m above ground level; and

(d) shall not have any one face with an area exceeding 6 $m^2$.

(2) No person shall erect more than one free-standing sign on a site.

(3) A free-standing sign at a business may be placed on a base which has been designed and erected to the satisfaction of the Director.".

8. By the insertion after section 50 of the following section:

*"Seizure of Signs.*

50A. The Director may, without prejudice to the provisions of these by-laws, seize any sign or temporary sign erected or displayed contrary to the provisions of these by-laws: Provided that —

(a) the owner of such sign or a person authorized by him may within 14 days from the date of seizure apply in writing to the Director for the return of the sign if such owner or person undertakes to pay the cost of removal of such sign or R5, whichever amount is the higher;

(b) the Council may after expiry of the said period destroy such sign or dispose thereof at will; and

(c) neither the Council nor the Director shall be liable for any compensation whatsoever which may result from the seizure, destruction or disposal of such sign.".

9. By the substitution for the Scheduie 1 of the following:

## BYLAE 1.

## VRYSTELLING VAN LISENSIEGELDE.

| *Doel* | *Grootte* | *Maksimum hoogte bo grondvlak vanaf bopunt van teken af* | *Getal* | *Maksimum grootte van letter of simbool* | *Opmerkings* |
|---|---|---|---|---|---|
| Persoon, vennootskap of maatskappy wat beroep, besigheid of ambag beoefen. | 600 mm x 460 mm | 2,5 m | — | 150 mm | — |
| Aansoeke ingevolge artikel 18 van die Dorpsbeplanningskema. | 600 mm x 460 mm | 2,5 m | Een in elke ampstaal vir elke straatfront | 150 mm | — |
| Advertensie betreffende bouery of soortgelyke werksaamhede op die grond waar dit vertoon word. | 4 $m^2$ maksimum | 4,5 m maksimum | Een vir elke straatfront | 300 mm | Mag net tydens werksaamhede vertoon word |
| Advertensie op sakegeboue in verband met die besigheid aldaar volgens vereiste van 'n ander wetsbepaling. | Minimum grootte vereis | 2,5 m | Een | 150 mm | Net plat teen muur |
| Nie-verligte tekens aan muur, hek of heining, met die naam daarop van woning, private hotel, woonstelgebou, inrigting of dergelike gebou, mits dit op private eiendom is. | In spesiale woonsone 600 mm x 460 mm | Nie beperk nie | Een vir elke straatfront | 300 mm | Net plat teen muur |
| Alle tekens wat binnekant winkelvensters vertoon word. | — | — | — | — | — |
| Advertensie wat op 'n Inrybioskoopskerm vertoon word. | — | — | — | — | Net tydens die vertoning |
| Kerkkennisgewingborde. | — | — | — | — | — |

"SCHEDULE 1.

EXEMPTIONS FROM LICENCE FEES.

| *Purpose* | *Area* | *Maximum Height above Ground Level from Top of Sign* | *Number* | *Maximum size of Letter or Symbol* | *Remarks* |
|---|---|---|---|---|---|
| Person, partnership or company carrying on profession, business or trade. | 600 mm x 460 mm | 2,5 m | — | 150 mm | — |
| Applications under action 18 of the Town-planning Scheme. | 600 mm x 460 mm | 2,5 m | One in each official language to each street frontage | 150 mm | — |
| Advertisements regarding the carrying out of building or similar operations on the land where the advertisement is displayed. | 4 m$^2$ maximum | 4,5 m maximum | One to each street frontage | 300 mm | May be displayed only when work is in progress |
| Advertisement on business premises with reference to the business on the premises as required by any other law. | Minimum size required | 2,5 m | One | 150 mm | Flat on wall only |
| Non-illuminated signs on wall, gate or fence comprising name of dwelling, private hotel, block of flats, institution or similar building, provided they are on private property. | In special residential zone 600 mm x 460 mm | Not limited | One to each street frontage | 300 mm | Flat on wall only |
| All signs displayed inside shop windows. | — | — | — | — | — |
| Advertisement projected on the screen of a drive-in cinema. | — | — | — | — | For duration of performance only |
| Church notice boards. | — | — | — | — | — ". |

10. Deur item 3 van Bylae 2 deur die volgende items te vervang:

"3. Vir 'n in artikel 35A bedoelde teken,

(a) indien die getal tekens nie meer is nie as 200 per teken: 50c.

(b) indien die getal tekens meer is as 200: R100.

4. Vir elke in artikel 35B bedoelde teken: R1."

11. Deur na Bylae 3 die volgende by te voeg:

"BYLAE 4.

STADSRAAD VAN PRETORIA.

AFDELING STADSBEPLANNING EN ARGITEKTUUR.

AANSOEK OM TOESTEMMING OM PLAKKATE OP BORDE LANGS OF SIGBAAR VANAF STRATE TE VERTOON.

AAN DIE DIREKTEUR.

Meneer,

Ek/Ons ..........

Adres ..........

doen hiermee aansoek om toestemming om .......... plakkate op borde langs of sigbaar vanaf die volgende strate .......... te vertoon van .......... tot .......... om 'n (spesifiseer) .......... (kerklike, sport-, opvoedkundige, kulturele, liefdadigheids-, politieke, verkiesings-) geleentheid of byeenkoms te adverteer en onderneem om aan die volgende voorwaardes te voldoen:

1. Plakkate mag nie groter as 0,6 m by 1 m wees nie en moet op borde aangebring word.
2. Borde moet nie hoër nie as 0,5 m bo die grondvlak teen slegs elektrisiteitspale of bome geplaas word.
3. Borde mag nie nader as 10 m van die hoek van enige straatreserwe af geplaas word nie.
4. Geen bord mag op *Kerkplein, Stasieplein of die Fonteinedal en omgewing aangebring word nie.*
5. Die aanvraer moet alle borde nie later nie as drie dae na die verstryking van die advertensietydperk, soos deur hom aangetoon, verwyder.
6. Die gebruik van draad of spykers om plakkaatborde mee vas te heg, is 'n oortreding. Lyn moet gebruik word.
7. Onder geen omstandighede mag plakkate of biljette teen enige pilare, mure van geboue, heinings, of skuttings waar geboue opgerig word, geplak word nie.
8. Geen strooibiljette mag in strate versprei word nie.
9. Die getal plakkate word tot 'n maksimum van .......... beperk.

10. By the substitution for item 3 of Schedule 2 of the following items:

"3. For a sign contemplated in section 35A,

(a) where the number of signs do not exceed 200, per sign: 50c.

(b) where the number of signs exceed 200: R100.

4. For every sign contemplated in section 35B: R1.".

11. By the addition after Schedule 3 of the following:

"SCHEDULE 4.

CITY COUNCIL OF PRETORIA.

DEPARTMENT OF TOWN-PLANNING AND ARCHITECTURE.

APPLICATION FOR CONSENT TO DISPLAY POSTERS ON BOARDS ALONGSIDE OR WITHIN VIEW OF STREETS.

TO THE DIRECTOR:

Sir,

I/We ..........

Adress ..........

hereby apply for consent to display .......... posters on boards alongside or within view of the following streets .......... from .......... to .......... in order to advertise a (specify) .......... (ecclesiatical, sporting, educational, cultural, charitable, political, electoral) event or gathering, and undertake to comply with the following conditions:

1. Posters shall not exceed 0,6 m by 1 m in size and shall be affixed to boards.
2. Boards shall be placed not higher than 0,5 m above the ground level against electricity poles or trees only.
3. Boards shall not be placed closer than 10 m from the corner of any street reserve.
4. No board shall be displayed at *Church Square, Station Square* or *the Fountains Valley and surroundings.*
5. The applicant shall remove all boards not later than three days after expiry of the period of advertisement as indicated by him.
6. The use of wire or nails for the fixing of poster boards constitutes a contravention. String must be used.
7. Under no circumstances shall posters or handbills be posted to any pillars, walls of buildings, fences, or boardings where buildings are being erected.
8. No handbills shall be distributed in streets.
9. The number of posters is limited to a maximum of ..........

10. Die voorgeskrewe lisensiegeld, waar dit van toepassing is, is ten opsigte van elke aansoek aan die Stadsraad van Pretoria by die Afdeling Stadsbeplanning en Argitektuur betaalbaar.

Datum ..........

Adres van Aanvraer ..........

..........

..........

*Handtekening van Aanvraer.*

VIR KANTOORGEBRUIK.

Toestemming word hiermee aan .......... verleen/geweier om, onderworpe aan die bogemelde voorwaardes en die bepalings van die Munisipaliteit Pretoria se Verordeninge betreffende die Beheer van Buitereklame, .......... plakkate op borde vir die tydperk .......... tot .......... langs of sigbaar vanaf strate te vertoon om 'n .......... geleentheid/byeenkoms te adverteer.

Verstrykingsdatumplakseëls No. .......... tot No. .......... word hiermee uitgereik.

..........

*Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur.*

Depositokwitansie No. ..........Datum..........

Bedrag : R..........

Lisensiekwitansie No. ..........Datum..........

Bedrag : R..........".

PB. 2-4-2-3-3

10. The prescribed licence fee, where applicable, in respect of each application shall be payable to the Department of Town-planning and Architecture.

Date ..........

Applicant's address ..........

..........

..........

*Applicant's signature*

FOR OFFICE USE

Permission is hereby granted/refused to .......... .......... for displaying posters on boards for the period .......... to .......... alongside or within view of streets to advertise a .......... event/gathering, subject to the abovementioned conditions and the provisions of the Pretoria Municipality's By-laws for the Control of Outdoor Advertising.

Expiry date stickers Nos. .......... to .......... are issued herewith.

..........

*Director of Town-planning and Architecture*

Deposit receipt No. ..........Date..........

Amount : R..........

Licence receipt No. ..........Date..........

Amount : R..........".

PB. 2-4-2-3-3

Administrateurskennisgewing 13 2 Januarie 1980

## MUNISIPALITEIT ROODEPOORT: GERAASBEHEERVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom, ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

*Woordomskrywing.*

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy dit uit die sinsverband anders blyk, beteken —

"geraaspeil" die aflesing op 'n integrerende klankpeilmeter wat by die meetpunt geneem is aan die einde van 'n redelike tydperk, nadat die integrerende klankpeilmeter in werking gestel is, gedurende welke tydperk die geraas wat na bewering 'n steurende geraas is, teenwoordig is, by welke aflesing 5dB(A) gevoeg word indien die steurende geraas 'n suiwertoonkomponent bevat om impulsief van aard is;

"integrerende klankpeilmeter" is 'n toestel wat 'n funksie van klankdruk oor 'n tydperk integreer en die resultaat in dB(A) aandui, welke dB(A)-aanduiding 'n funksie is van beide die klankpeil en die duur van die blootstelling aan die klank gedurende die meettydperk;

"Mediese Gesondheidsbeampte" die Mediese Gesondheidsbeampte van die Raad, of enige persoon wat behoorlik gemagtig is om namens hom op te tree;

Administrator's Notice 13 2 January, 1980

## ROODEPOORT MUNICIPALITY: NOISE CONTROL BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

*Definitions.*

1. For the purposes of these by-laws, unless the context otherwise indicates —

"ambient sound level" means the reading on an integrating sound level meter measured at the measuring point at the end of a total period of at least ten minutes after such integrating sound level meter has been put into operation, during which period a noise alleged to be a disturbing noise is absent;

"Council" means the City Council of Roodepoort and includes the Management Committee and any officer of that Council acting by virtue of any power vested in the Council by these by-laws and which is delegated to such committee or officer in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960);

"disturbing noise" means a noise level which exceeds the ambient sound level by 7dB(A) or more, and "disturbing" in relation to a noise shall have a corresponding meaning;

"meetpunt" —

(a) met betreking tot 'n stuk grond waarvandaan 'n steurende geraas afkomstig is, 'n punt anderkant dié vertikale grense van die betrokke grond, waar daar, na die oordeel van die Mediese Gesondheidsbeampte, 'n steurende geraas gemeet behoort te word, ooreenkomstig die bepalings van artikel 3; of

(b) met betrekking tot 'n gebou met meer as een okkupant, 'n punt in sodanige gebou waar 'n steurende geraas, na die mening van die Mediese Gesondheidsbeampte, ooreenkomstig die bepalings van artikel 3 gemeet behoort te word;

"omgewingsklankpeil" die aflesing op 'n integrerende klankpeilmeter wat by die meetpunt geneem is, aan die einde van 'n totale tydperk van minstens tien minute, nadat sodanige integrerende klankpeilmeter in werking gestel is, gedurende welke tydperk 'n geraas wat na bewering 'n steurende geraas is, afwesig is;

"Raad" die Stadsraad van Roodepoort en omvat die Bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie Verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesing), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is;

"steurende geraas" 'n geraaspeil wat die omgewingsklankpeil met 7dB(A) of meer oorskry, en "steurend" het, met betrekking tot 'n geraas, 'n ooreenstemmende betekenis.

*Geraas wat Omgewingsklankpeil Oorskry.*

2. Niemand mag 'n geraas wat 'n steurende geraas is, maak, voortbring, veroorsaak of toelaat dat dit gemaak of voortgebring word deur enige persoon, masjien, dier, voël, toestel of apparaat of enige kombinasie hiervan nie.

*Meting van Omgewingsklankpeil en Geraaspeil.*

3.(1) Wanneer die omgewingsklankpeil of geraaspeil ingevolge hierdie verordeninge gemeet en afgelees word, word sodanige meting en aflesing gedoen in die geval van —

(a) buitenshuise metings op 'n stuk grond met die mikrofoon van die integrerende klankpeilmeter minstens 1,2 m maar hoogstens, 1,4 m bokant die grond en minstens 3,5 m weg van mure, geboue of ander klankweerkaatsende oppervlakke af;

(b) binnenshuise metings in 'n vertrek of ingeslote ruimte met die mikrofoon van die integrerende klankpeilmeter minstens 1,2 m maar hoogstens 1,4 m bokant die vloer en minstens 1,2 m weg van enige muur af, met al die vensters en buitedeure, van sodanige vertrek of ingeslote ruimte, heeltemal oop.

(2) Die mikrofoon van 'n integrerende klankpeilmeter word te alle tye van 'n windskerm voorsien.

*Bevoegdheid van die Mediese Gesondheidsbeampte.*

4.(1) Indien die Mediese Gesondheidsbeampte as gevolg van 'n klag wat by hom ingedien is, daarvan oortuig is dat 'n geraas wat van enige gebou, perseel of straat afkomstig is 'n steurende geraas is, kan hy die persoon wat sodanige geraas veroorsaak of daarvoor verant-

"integrating sound level meter" means a device integrating a function of sound pressure over a period of time and indicating the result in dB(A), which dB(A) indication is a function of both the sound level and the duration of exposure to the sound during the period of measurement;

"measuring point" means —

(a) in relation to a piece of land from which a disturbing noise is emitted, a point beyond the vertical boundaries of the land concerned where, in the opinion of the Medical Officer of Health, a disturbing noise should be measured in accordance with the provisions of section 3; or

(b) in relation to a multi-occupancy building, a point in such building where, in the opinion of the Medical Officer of Health, a disturbing noise should be measured in accordance with the provisions of section 3;

"Medical Officer of Health" means the Medical Officer of Health of the Council or any person duly authorized by the Council to act on his behalf;

"noise level" means the reading on an integrating sound level meter taken at the measuring point at the end of a reasonable period after the integrating sound level meter has been put into operating during which period the noise alleged to be a disturbing noise is present, to which reading 5dB(A) is added if the disturbing noise contains a pure tone component or is of an impulsive nature;

*Noise Exceeding Ambient Sound Level.*

2. No person shall make, produce, cause or permit to be made or produced by any person, machine, animal, bird, device or apparatus or any combination of these, a noise which is a disturbing noise.

*Measuring of Ambient Sound Level and Noise Level.*

3.(1) When the ambient sound level or noise level is measured or read in terms of these by-laws, such measurement or reading shall be done in the case of —

(a) outdoor measurements on a piece of land with the microphone of the integrating sound level meter at least 1,2 m but not more than 1,4 m above the ground and at least 3,5 m distant from walls, buildings, or other sound-reflecting surfaces;

(b) indoor measurements in a room or enclosed space with the microphone of the integrating sound level meter at least 1,2 m but not more than 1,4 m above the floor and at least 1,2 m distant from any wall, with all the windows and outside doors of such room or enclosed space completely open.

(2) The microphone of an integrating sound level meter shall at all times be equiped with a wind shield.

*Powers of the Medical Officer of Health.*

4.(1) If the Medical Officer of Health, as the result of a complaint lodged with him, is satisfied that a noise emanating from any building, premises or street is a disturbing noise, he may, in a written notice, instruct the person causing or responsible for the disturbing

woordelik is, of die eienaar van sodanige gebou of perseel waar sodanige geraas veroorsaak word, of beide, skriftelik gelas om binne 'n tydperk wat in sodanige lasgewing vermeld is sodanige geraas te staak of te laat staak, of om die nodige stappe te doen om die peil van die steurende geraas te verlaag tot 'n peil wat aan die bepalings van hierdie Verordeninge voldoen: Met dien verstande dat, indien die Mediese Gesondheidsbeampte daarvan oortuig is dat die steurende geraas te wyte is aan, of veroorsaak word deur —

(a) die werking van —

(i) 'n masjien of apparaat wat nodig is vir die instandhouding of herstel van eiendom of die beskerming van lewe, eiendom of openbare dienste;

(ii) tuintoerusting;

(iii) 'n masjien of toestel waarvan die geraaspeil na die Mediese Gesondheidsbeampte se mening volgens die bes uitvoerbare metodes verlaag of gedemp is en wat dan nog steurend is;

(b) 'n sportbyeenkoms; of

(c) omstandighede of aktiwiteite buite die beheer van die persoon verantwoordelik vir die veroorsaking van die steurende geraas,

hy nadat die persoon wat die steurende geraas veroorsaak het of daarvoor verantwoordelik is, skriftelik vertoë tot die Mediese Gesondheidsbeampte gerig het, oor die algemeen of in die besonder kan toelaat dat die werking van sodanige masjien, apparaat of toestel of sodanige sportbyeenkoms, omstandigheid of aktiwiteit voortgesit word, gedurende sodanige tyd en op sodanige veroorwaardes wat hy dienstig ag.

(2) Iemand wat versuim om aan 'n lasgewing ingevolge subartikel (1) te voldoen, begaan 'n misdryf.

*Geraassteurnis.*

5. Ondanks die voorafgaande bepalings van hierdie verordeninge, mag niemand —

(a) in enige straat of openbare plek of in of op enige perseel tussen 22h00 en 06h00 skreeu, sing of andersins enige harde geraas maak;

(b) enige radio, televisiestel, fonograaf, trom, musiekinstrument, klankversterker of soortgelyke toestel wat klank voortbring, weergee of versterk, bedien, bespeel of die bediening of bespeling daarvan magtig;

(c) enige waarskuwingstoestel, sirene, toeter of enige soortgelyke toestel gebruik of die gebruik daarvan magtig behalwe in 'n noodgeval of wanneer dit regtens vereis word;

(d) magtiging verleen of passief toelaat dat enige diefalarmstelsel óf aanhoudend óf met tussenposes van langer as 20 minute lui nadat dit begin lui het;

(e) enige grassnyer, ander tuinmasjinerie of kraggereedskap tussen 13h00 en 16h00 op 'n Sondag gebruik of dit magtig dat dit gebruik word;

wat, of op 'n manier wat die gemak, gerief, rus of stilte van die publiek kan versteur of belemmer nie.

*Reg van Toegang.*

6. Enige gemagtigde beampte van die Raad kan vir enige doel wat verband hou met die toepassing van hier-

noise or the owner of such building or premises on which the disturbing noise is caused, or both of them, within a period specified in such notice to stop such noise or have it stopped or take the necessary steps to reduce the disturbing noise level to a level which complies with the provisions of these by-laws: Provided that if the Medical Officer of Health is satisified that the disturbing noise is due to or caused by —

(a) the working of —

(i) a machine or apparatus which is necessary for the maintenance or repair of property, or the protection of life, property or public services;

(ii) garden equipment;

(iii) a machine or device, the noise level of which has, in the opinion of the Medical Officer of Health, been reduced or muffled according to the best practicable methods and which continues to be disturbing;

(b) a sports meeting; or

(c) circumstances or activities beyond the control of the person responsible for causing the disturbing noise,

he may, whether generally or specifically, after written representation to the Medical Officer of Health by the person who caused or was responsible for the disturbing noise, permit the working of such machine, apparatus or device, or such sports meeting or activities, to continue, during such hours and subject to such conditions as he deems fit.

(2) Any person who fails to comply with an instruction in terms of subsection (1), commits an offence.

*Noise Disturbance.*

5. Notwithstanding the foregoing provisions of these by-laws, no person shall —

(a) in any street or public place or in any premises between 22h00 and 06h00 shout, sing or otherwise make any loud noise;

(b) operate, play or sanction the operation or playing of any radio, television set, phonogram, drum, musical instrument, sound amplifier or similar device which produces, reproduces or amplifies sound;

(c) operate or sanction the operation of any warning device, siren, hooter, or any similar device, other than in an emergency or when required by law;

(d) sanction or passively allow any burglar alarm device to sound either continuously or intermittently for more than 20 minutes after it has begun sounding;

(e) operate or sanction the operation of any lawnmower, other garden machinery or power operated tool between 13h00 and 16h00 on a Sunday;

which may, or in a manner which may, disturb or hinder the comfort, convenience, peace or quiet of the public.

*Right of Entry.*

6. Any authorized officer of the Council may, for any purpose connected with the enforcement of these

die verordeninge, en sonder om vooraf kennis te gee, enige eiendom betree en sodanige ondersoek, navraag en inspeksie daarop doen wat hy dienstig ag, en hy, of enige persoon aan wie hy opdrag gegee het, kan sodanige stappe doen wat nodig is om die geraas stil te maak vir doel om die omgewingsklankpeil te bepaal.

*Dwarsboming.*

7. Iemand wat versuim of weier om toegang te verleen aan 'n beampte van die Raad wat deur die Mediese Gesondheidsbeampte of deur die Raad gemagtig is om 'n eiendom te betree en te inspekteer, of sodanige beampte dwarsboom of hinder in die uitvoering van sy pligte kragtens hierdie verordeninge, of versuim of weier om inligting wat regtens van hom vereis kan word, te verstrek, of valse of misleidende inligting aan sodanige beampte verstrek met die wete dat dit vals of misleidend is, begaan 'n misdryf.

*Misdrywe en Strawwe.*

8. Enige persoon wat —

(a) enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of versuim om daaraan te voldoen; of

(b) versuim om te voldoen aan 'n opdrag wat gegee word of 'n voorwaarde wat gestel word ingevolge artikel 4,

is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of met beide sodanige boete en gevangenisstraf, en in die geval van 'n voortgesette oortreding, aan 'n boete van hoogstens R50 vir elke dag waarop sodanige oortreding voortduur.

PB. 2-4-2-65-30

by-laws, and without previous notice, enter any property and make such examination, enquiry and inspection thereon as he may deem fit, and he or any person instructed by him may take such steps as may be necessary to silence any noise for the purpose of determining the ambient sound level.

*Obstruction.*

7. Any person who fails or refuses to give access to any officer of the Council authorized by the Medical Officer of Health or by the Council to enter upon and inspect any property, or hinder such officer in the execution of his duties under these by-laws, or fails or refuses to give information that he may law-fully be required to give, or, give to such officer false or misleading information knowing it to be false or misleading, commits an offence.

*Offences and Penalties.*

8. Any person who —

(a) contravenes or fails to comply with any provision of these by-laws; or

(b) fails to comply with an instruction given or condition imposed in terms of section 4,

shall be guilty of an offence and shall upon conviction be liable to a fine not exceeding R300 or to imprisonment for a period not exceeding 12 months, or to both such fine and imprisonment, and in the case of a continued offence, to a fine not exceeding R50 for each day on which such offence continues.

PB. 2-4-2-65-30

Administrateurskennisgewing 14 — 2 Januarie 1980

## MUNISIPALITEIT SCHWEIZER-RENEKE: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Schweizer-Reneke 1627, gedateer 24 November 1971 en deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1036, gedateer 28 Junie 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde onder die Bylae te wysig deur na artikel 6(1) die volgende by te voeg:

"6(1)(A). Alle bykomende verbruikers buite die Munisipaliteit betaal 'n heffing van R250 aansluitingsgeld na publikasie hiervan."

PB. 2-4-2-36-69

Administrator's Notice 14 — 2 January, 1980

## SCHWEIZER-RENEKE MUNICIPALITY: AMENDMEND TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Schweizer-Reneke Municipality adopted by the Council under Administrator's Notice 1036, dated 28 June, 1972, as amended, are hereby further amended by amending the Tariff of Charges under the Schedule by the addition after section 6(1) of the following:

"6(1)(A). All additional consumers outside the Municipality shall pay a levy of R250 for connection fees after publication hereof."

PB. 2-4-2-36-69

Administrateurskennisgewing 15 — 2 Januarie 1980

## JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA 22 (VOORHEEN 1/1050).

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dor-

Administrator's Notice 15 — 2 January, 1980

## JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 22 (PREVIOUSLY 1/1050).

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that

pe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Johannesburg-dorpsbeplanningskema, 1979, gewysig word deur die hersonering van die Resterende Gedeelte en Gedeelte 1 van Lot 8, dorp Booysens, van "Residensieël 4" tot "Kommersieël 2" onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Johannesburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburg-wysigingskema 22.

PB. 4-9-2-2H-22

the Administrator has approved the amendment of Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the Remaining Extent and Portion 1 of Lot 8, Booysens Township, from "Residential 4" to "Commercial 2", subject to certain conditoins.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Johannesburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 22.

PB. 4-9-2-2H-22

Administrateurskennisgewing 16 — 2 Januarie 1980

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA 147 (VOORHEEN 1/1016).

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Johannesburg-dorpsbeplanningskema, 1979, gewysig word deur die hersonering van Lotte 559, 560, 561 en 562, dorp Brixton, van "Residensieël 1" tot "Spesiaal", soos volg: Erwe 561 en 562 moet slegs gebruik word vir die parkering van handelsvoertuie wat in verband staan met die gebruik van Lotte 560, 559 en 781 en vir klante parkering. Lotte 559 en 560 moet slegs gebruik word vir die verkoeling, bevriesing opberging van vleis, parkering van voertuie, opberging van goedere wat in verband staan met die vleisnywerheid en kantore wat in verband staan met die verkoeling, bevriesing opberging en ontbening van vleis, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Johannesburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburg-wysigingskema 147.

PB. 4-9-2-2H-147

Administrator's Notice 16 — 2 January, 1980

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 147 (PREVIOUSLY 1/1016).

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of Lots 559, 560, 561 and 562, Brixton Township, from "Residential 1" to "Special" as follows: Lots 561 and 562 shall be used only for the parking of goods vehicles related to use of Lots 560, 559 and 781 and for customers parking. Lots 559 and 560 shall be used only for the chilling, freezing, storage and boning of meat, the parking of vehicles, storage of materials related to the meat industry and offices related to the chilling, freezing, storage and boning of meat, subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Johannesburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 147.

PB. 4-9-2-2H-147

Administrateurskennisgewing 17 — 2 Januarie 1980

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA 149.

(VOORHEEN 1/1082).

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Johannesburg-dorpsbeplanningskema 1979 gewysig word deur die hersonering van 'n deel van Lot 689 (voorheen Lot 492), dorp Parktown North, van "Spesiale Woon" tot "Spesiaal" vir die parkering van motorvoertuie alleen, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk Johannesburg, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburg-wysigingskema 149.

PB. 4-9-2-2H-149

Administrator's Notice 17 — 2 January, 1980

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 149.

(PREVIOUSLY 1/1082).

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Johannesburg Town-planning Scheme 1979 by the rezoning of a Part of Lot 689 (previously Lot 492), Parktown North Township, from "Special Residential" to "Special" for the parking of motor vehicles only, subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filled with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Johannesburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 149.

PB. 4-9-2-2H-149

Administrateurskennisgewing 18 2 Januarie 1980

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK - WYSIGINGSKEMA 1193.

Die Administrateur verklaar hierby ingevolge die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema 1958, wat uit dieselfde grond as die dorp Lone Hill bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Sandton en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Noordelike Johannesburgstreek-wysigingskema 1193.

PB. 4-9-2-116-1193

Administrator's Notice 18 2 January, 1980

NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME 1193.

The Administrator hereby, in terms of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he has approved an amendment scheme, being an amendment of Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme 1958, comprising the same land as included in the township of Lone Hill.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filled with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Sandton and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Northern Johannesburg Region Amendment Scheme 1193.

PB. 4-9-2-116-1193

Administrateurskennisgewing 19 2 Januarie 1980

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP.

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Lone Hill tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB. 4-2-2-5764

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR:

(1) ASTON CENTRE INVESTMENTS (PROPRIETARY) LIMITED.

(2) G. G. BUCHNER UITGEWERS (EIENDOMS) BEPERK.

(3) GLENNY BUCHNER INVESTMENTS (PROPRIETARY) LIMITED.

(4) LONE HILL DEVELOPMENT COMPANY (PROPRIETARY) LIMITED.

(5) LONE HILL ESTATES (PROPRIETARY) LIMITED.

(6) BUCHNER REALTORS (PROPRIETARY) (LIMITED.

INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 37 VAN DIE PLAAS LONE HILL 1-I.R.; PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS.

1. STIGTINGSVOORWAARDES.

(1) *Naam.*

Die naam van die dorp is Lone Hill.

(2) *Ontwerp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. A.5271/79.

Administrator's Notice 19 2 January, 1980

DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP.

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Lone Hill Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

PB. 4-2-2-5764

SCEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY:

(1) ASTON CENTRE INVESTMENTS (PROPRIETARY) LIMITED.

(2) G. G. BUCHNER UITGEWERS (EIENDOMS) BEPERK.

(3) GLENNY BUCHNER INVESTMENTS (PROPRIETARY) LIMITED.

(4) LONE HILL DEVELOPMENT COMPANY (PROPRIETARY) LIMITED.

(5) LONE HILL ESTATES (PROPRIETARY) LIMITED.

(6) BUCHNER REALTORS (PROPRIETARY) LIMITED.

UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 37 OF THE FARM LONE HILL 1-I.R.; PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

(1) *Name.*

The name of the township shall be Lone Hill.

(2) *Design.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. A.5271/79.

(3) *Stormwaterdreinering en straatbou.*

(a) Die dorpseienaars moet op versoek van die plaaslike bestuur aan sodanige bestuur 'n gedetailleerde skema volledig met planne, deursneë en spesifikasies, opgestel deur 'n siviele ingenieur wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, vir die opgaar en afvoer van stormwater deur die hele dorp deur middel van behoorlik aangelegde werke en vir die aanlê, teermacadamisering, beranding en kanalisering van die strate daarin tesame met die verskaffing van sodanige keermure, as wat die plaaslike bestuur nodig ag, vir goedkeuring voorlê. Verder moet die skema die roete en helling aandui deur middel waarvan elke erf toegang tot die aangrensende straat verkry.

(b) Die dorpseienaars moet, wanneer dit vereis word deur die plaaslike bestuur, die goedgekeurde skema op eie koste namens en tot voldoening van die plaaslike bestuur onder toesig van 'n siviele ingenieur deur die plaaslike bestuur goedgekeur, uitvoer.

(c) Die dorpseienaars is verantwoordelik vir die instandhouding van die strate tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat die strate ooreenkomstig subklousule (b) gebou is.

(d) Indien die dorpseienaars versuim om aan die bepalings van paragrawe (a) en (b) hiervan te voldoen, is die plaaslike bestuur geregtig om die werke op koste van die dorpseienaars te doen.

(4) *Betaalbaar aan die Plaaslike Bestuur.*

Die dorpseienaar moet kragtens die bepalings van artikel 63(1)(b) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, aan die plaaslike bestuur as begiftiging 'n globale bedrag van R7 400 betaal welke bedrag deur die plaaslike bestuur aangewend moet word vir die verkryging van grond vir 'n begraafplaas en stortingsterrein.

Sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansie.

(5) *Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd die volgende serwitute wat nie die dorpsgebied raak nie:

(a) By Notarial Deed 23/55S dated 14th day of January, 1955, the right has been granted to Electricity Supply Commission to convey electricity over the property together with ancillary rights.

(b) Die serwituut geregistreer kragtens Akte van Sessie van Serwituut K3364/1979S.

(6) *Installering van Beveiligingstoestelle.*

Indien dit te eniger tyd, na die mening van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie of ingevolge statutêre regulasies nodig gevind word om, vanweë die stigting van die dorp, enige beveiligingstoestelle ten opsigte van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie se bogrondse kraglyne en/of ondergrondse kabels te installeer of om enige veranderings aan genoemde bogrondse kraglyne en/of ondergrondse kabels aan te bring, dan moet die koste om sodanige beveiligingstoestelle of sodanige veranderings aan te bring, deur die dorpseienaars betaal word.

(3) *Stormwater Drainage and Street Construction.*

(a) The township owners shall on request of the local authority submit to such authority for its approval a detailed scheme complete with plans, sections and specifications, prepared by a civil engineer approved by the local authority, for the collection and disposal of stormwater throughout the township by means of properly constructed works and for the construction, tarmacadamising, kerbing and channeling of the streets therein together with the provisions of such retaining walls as may be considered necessary by the local authority. Furthermore the scheme shall indicate the route and gradient by which each erf gains access to the street on which it abuts.

(b) The township owners shall when required to do so by the local authority carry out the scheme at their own expense on behalf and to the satisfaction of the local authority under the supervision of a civil engineer approved by the local authority.

(c) The township owners shall be responsible for the maintenance of the streets to the satifaction of the local authority until the streets have been constructed as set out in subclause (b).

(d) If the township owners fail to comply with the provisions of paragraphs (a) and (b) hereof the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the township owner.

(4) *Payable to the Local Authority.*

The township owners shall, in terms of the provisions of section 63(1)(b) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay a lump sum endowment of R7 400 to the local authority for the provision of land for a cemetery and a depositing site.

Such endowment shall be payable in terms of section 73 of the said Ordinance.

(5) *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven shall made subject to existing conditions and servitudes if any, including the reservation of rights to minerals but excluding the following servitudes which do not affect the township area:

(a) By Notarial Deed 23/55S dated 14th day of January, 1955 the right has been granted to Electricity Supply Commission to convey electricity over the property together with ancillary rights.

(b) The servitude registered under Deed of Cession of servitude K3364/1979S.

(6) *Installation of Protective Devices.*

If at any time, in the opinion of the Electricity Supply Commission or in terms of statutory regulation, it should be found necessary, by reason of the establishment of the township, to install any protective devices in respect of the Electricity Supply Commission's overhead power lines and/or underground cables or to carry out alterations to power lines and/or underground cables or to carry out alterations to such overhead power lines and/or underground cables, then the cost of installing such protective devices and/or carrying out such alterations shall be borne by the township owners.

(7) *Toegang.*

Geen ingang van Pad P.W.V. 9 tot die dorp en geen uitgang uit die dorp tot Pad P.W.V. 9 word toegelaat nie.

(8) *Beperking op die Vervreemding van Erwe.*

Die dorpseienaars mag nie erwe 9, 10, 19 en 20 ontwikkel, vervreem of oordra sonder die skriftelike toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, nie.

2. TITELVOORWAARDES.

Alle erwe is onderworpe aan die volgende voorwaardes opgelê deur die Administrateur ingevolge Ordonnansie 25 van 1965.

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens, soos deur die plaaslike bestuur bepaal.

(b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke, wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

(7) *Access.*

No ingress from Road P.W.V. 9 to the township and no egress to Road P.W.V. 9 from the township shall be allowed.

(8) *Restriction on the Disposal of Erven.*

The township owners shall not develop, dispose of or transfer erven 9, 10, 19 and 20 without the written consent of the Administrator after reference to the Director, Transvaal Roads Department.

2. CONDITIONS OF TITLE.

All erven shall be subject to the following conditions imposed by the Administrator in terms of Ordinance 25 of 1965.

(a) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

Administrateurskennisgewing 20 2 Januarie 1980

VERKIESING VAN LEDE: SKOOLRAAD VAN STANDERTON.

Die persone ten opsigte van wie die besonderhede hieronder gegee word, is tot lede van die bogenoemde Raad verkies en het hulle ampte aanvaar op die datums aangedui:

NAAM: Johannes Cornelius Michael Roets.

ADRES: Madridstraat 10, Evander.

BEROEP: Landdros.

DATUM: 22 Oktober 1979.

NAAM: Nicolaas Willem Ligthelm.

ADRES: Posbus 1409, Secunda.

BEROEP: Predikant.

DATUM: 22 Oktober 1979.

T.O.A. 21-1-4-14

Administrator's Notice 20 2 January, 1980

ELECTION OF MEMBERS: SCHOOL BOARD OFFICE OF STANDERTON.

The persons, in respect of whom the under-mentioned information is given, have been elected as members of the above-mentioned Board and have assumed office on the dates indicated:

NAME: Johannes Cornelius Michael Roets.

ADDRESS: 10 Madrid Street, Evander.

OCCUPATION: Magistrate.

DATE: 22 October, 1979.

NAME: Nicolaas Willem Ligthelm.

ADDRESS: P.O. Box 1409, Secunda.

OCCUPATION: Minister of Religion.

DATE: 22 October, 1979.

T.O.A. 21-1-4-14

Administrateurskennisgewing 21 2 Januarie 1980

PADVERKEERSREGULASIES: WYSIGING VAN REGULASIE 14.

Ingevolge die bepalings van artikel 165 en item 9 van Deel IV van Bylae 2 by die Ordonnansie op Padverkeer, 1966 (Ordonnansie 21 van 1966), wysig die Administrateur hierby regulasie 14 van die Padverkeersregulasies, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1052 van 28 Desember 1966, soos gewysig, deur die volgende paragrawe daaraan toe te voeg:

"(159) Die Boksburgse Raad vir Bejaardes.

(160) Die Stigting vir Bejaardes.

(161) Werkverskaffingsvereniging vir Eleptici.".

TW. 2/8/4/2/2

Administrator's Notice 21 2 January, 1980

ROAD TRAFFIC REGULATIONS: AMENDMENT TO REGULATION 14.

In terms of the provisions of section 165 and item 9 of Part IV of Schedule 2 of the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordinance 21 of 1966), the Administrator hereby amends regulation 14 of the Road Traffic Regulations published under Administrator's Notice 1052 of 28 December, 1966, as amended, by the addition thereto of the following paragraphs:

"(159) The Boksburg Council for the Aged.

(160) Foundation for the Aged.

(161) Epileptic Employment Association.".

TW. 2/8/4/2/2

## ALGEMENE KENNISGEWINGS

## GENERAL NOTICES

KENNISGEWING 375 VAN 1979.

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK - WYSIGINGSKEMA 1195.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965) bekend gemaak dat die eienaar, mnr. Harold Cyril, Duthie, Boundary Pad 52, Illovo Sandton aansoek gedoen het om Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema, 1958 te wysig deur die hersonering van Lot 184, geleë aan Tweede Laan en Boundary Pad oor Illovo, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per Erf", tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1 500 m²".

Verdere besonderhede van hierdie wysigingskema (wat Noordelike Johannesburgstreek-wysigingskema 1195 genoem sal word) lê in die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, 11de Vloer, Merino Gebou, h/v. Pretorius- en Bosmanstraat, Pretoria en in die kantoor van die Stadsklerk van Sandton ter insae.

Enige beswaar of vertoë teen die aansoek kan te eniger tyd binne 'n tydperk van 4 weke vanaf die datum van hierdie kennisgewing aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria en die Stadsklerk, Posbus 78001, Sandton 2146 skriftelik voorgelê word.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur

Pretoria, 27 Desember 1979.

PB. 4-9-2-116-1195

NOTICE 375 OF 1979.

NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME 1195.

It is hereby notified in terms of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965) that application has been made by the owner, Mr. Harold Cyril Duthie, 52 Boundary Road, Illovo Sandton, for the amendment of Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958 by rezoning Lot 184, situated on Second Avenue and Boundary Road Illovo Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per Erf" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per Erf" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1 500 m²".

The amendment will be known as Northern Johannesburg Region Amendment Scheme 1195. Further particulars of the Scheme are open for inspection at the office of the Town Clerk, Sandton and at the office of the Director of Local Government, 11th Floor, Merino Building, cor. Bosman and Pretorius Streets, Pretoria.

Any objection or representations in regard to the application shall be submitted to the Director of Local Government, in writing at the above address or Private Bag X437, Pretoria, and the Town Clerk, P.O. 78001, Sandton 2146 at any time within a period of 4 weeks from the date of this notice.

E. UYS,
Director of Local Government.

Pretoria, 27 December, 1979.

PB. 4-9-2-116-1195

KENNISGEWING 376 VAN 1979.

SPRINGS-WYSIGINGSKEMA 1/8.

Die direkteur van Plaaslike Bestuur, gee hierby kennis kragtens artikel 31 van die Ordonnansie op Dorps-

NOTICE 376 OF 1979.

SPRINGS AMENDMENT SCHEME 1/8.

The Director of Local Government hereby gives notice in terms of section 31 of the Town-planning and Town-

beplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), dat die Stadsraad van Springs 'n voorlopige skema, wat 'n wysigingskema is, te wete die Springs Wysigingskema 1/8 voorgelê het om die betrokke dorpsbeplanningskema in werking, te wete, die Springs-dorpsaanlegskema 1, 1948 te wysig.

Hierdie ontwerpskema bevat die volgende voorstelle:

(a) Die skema is ten volle tweetalig gemaak om aan die vereistes van die Wet op Provinsiale Aangeleenthede, No. 3 van 1965, te voldoen;

(b) Die skema is met al die nuutste goedgekeurde Wysigingskemas tot op datum gekonsolideer;

(c) Die klousules is ten volle hersien en gemoderniseer en die hele skema is na die metrieke stelsel omgeskakel;

(d) Die gebiede wat in die Springs munisipale gebied ingesluit is, maar nie op die kaart van die Springs-dorpsbeplanningskema van 1948, of enige daaropvolgende wysigings ingesluit is nie, is nou in die skema ingesluit;

(e) Sekere nuwe padvoorstelle word gemaak. Hierdie voorstelle word op die kaart aangetoon en behels hoofsaaklik 'n netwerk van ring en straalaansluitings tussen die onderskeie voorstede met aansluiting tussen genoemde dorpe en die middedorp asook die nuwe Oos- Wesdeurpaaie na die noorde en deur die suide van Springs;

(f) Die Kaart is gewysig na die monochroom-noteringstelsel;

(g) Sekere definisies is hersien en nuwe definisies wat 'n geringe uitwerking op die gebruik van grond het, is bygevoeg;

(h) Alle Swart gebiede en geproklameerde myngrond is uit die omvang van die skema weggelaat. Die Stadsraad het ingevolge bepalings van die Ordonnansie geen beheer oor grondgebruik in hierdie gebiede nie;

(i) Die vereistes vir die voorsiening van openbare oop ruimtes in nuwe dorpsgebiede is gewysig;

(j) Die vereistes vir die afstomping van hoeke is gewysig;

(k) Die boulyne in voorgestelde dorpsgebiede en die vereistes vir die gebied tussen die boulyn en straatgrens is en 'n geringe mate gewysig;

(l) Die doeleindes waarvoor geboue opgerig mag word en die vergunningsgebruike in die "Algemene Woon" (Woon 1)-, en "Algemene Besigheid" (Besigheid 1), "Algemene Nywerheid" (Nywerheid 1), "Spesiale Nywerheid" (Nywerheid 2), "Algemene" en "Landbousones", is in 'n geringe mate gewysig;

(m) Twee nuwe gebruiksones, te wete "Woon 2" en "Besigheid 2" is bygevoeg om vir woon- en besigheidserwe in nuwe dorpsgebiede te voorsien. Alle erwe wat voorheen as "Algemene Woon" of "Algemene Besigheid" gesoneer is en waarvan die gebruik nader met die nuwe gebruiksones ooreenstem, is na die nuwe sones hersoneer;

(n) Alle erwe wat voorheen as "Spesiaal" gesoneer is vir 'n gebruik wat naastenby met een van die ge-

ships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), that the Town Council of Springs has submitted an interim scheme, which is an amendment scheme, to wit, the Springs Amendment Scheme 1/8 to amend the relevant town-planning scheme in operation, to wit, the Springs Town-planning Scheme, 1, 1948.

This draft scheme contains the following proposals:

(a) The Scheme is made fully bilingual in order to comply with the provisions of the Provincial Affairs Act No. 3 of 1965;

(b) The Scheme is consolidated with all the latest approved Amendment Schemes;

(c) The Clauses are completely revised and modernised and the whole Scheme is converted to the metric system;

(d) The areas included in the Springs Municipal area, but not included on the Map of the Springs Town Planning Scheme of 1948 or any subsequent amendments, have been included in the Scheme.

(e) Certain new road proposals are introduced. These proposals are shown on the Map and consist mainly of a network of ring and radial links between the various suburbs with connections between these and the Town Centre and the new East-West-freeways to the North and through the South of Springs;

(f) The Map is converted to the monochrome system of notation;.

(g) Certain definitions have been revised and new definitions have been added, which has a slight effect on land use;

(h) All Black areas and proclaimed mining land have been omitted from the area of the Scheme. The Council has no control over land use in these areas in terms of the Ordinance;

(i) The requirements for the provision of public open space in new townships have been altered;

(j) The requirements for the splaying of corners have been altered;

(k) The building lines in proposed townships and the requirements regarding the area between the building line and the street boundary have been slightly altered;

(l) The purposes for which buildings may be erected and the consent uses in the "General Residential" (Residential 1), "General Business" (Business 1), "General Industrial" (Industrial 2), "General" and "Agricultural" zones have been amended slightly.

(m) Two new zones, "Residential 2" and "Business 2" have been added to cater for residential and business erven in new townships, and all erven previously zoned "General Residential" or "General Business" whose use more closely coincides with that of the new use zones have been rezoned to the new zones;

(n) All erven previously zoned "Special" for a use which closely coincides with one of the Use Zones have

bruiksones ooreenstem is as sulks gesoneer en alle sportsklubs is as "Privaat Oopruimte" gesoneer.

(o) Sekere erwe en plaasgedeeltes waarvan die gebruik nie in ooreenstemming was met die gebruiksones waarvoor dit gesoneer is nie, is as "Spesiaal" hersoneer;

(p) Voorwaardes wat op alle erwe betrekking het, is in die skema ingesluit. Die voorwaardes het betrekking op die vervaardiging van stene, teëls en erdepype, die uitgrawing van materiaal op erwe, die aanhou van diere, die oprig van hout- en/of ystergeboue van ongebakte kleistene, die sink van putte en boorgate, stormwaterdreinering, die oprigting van hoofgeboue voordat buitegeboue opgerig word en die omheining van erwe. Spesiale voorwaardes is van toepassing gemaak op "Woon 1" en "Woon 2"- erwe, "Besigheid 2"- erwe en erwe wat as "Spesiaal" vir 'n openbare garage gesoneer is;

(q) Die vereistes vir die verkryging van 'n vergunningsgebruik is in 'n geringe mate gewysig;

(r) Die voorwaardes betreffende die onderverdeling van erwe is gewysig;

(s) Die voorwaardes aangaande die hoogte van geboue is gewysig;

(t) Afgestompte gebiede en voorgestelde paaie mag nou in die oppervlakte van die erf vir dekkingsdoeleindes ingesluit word;

(u) Die Stadsraad word gemagtig om 'n gebied 'n "Estetiesbeheerde Gebied" te verklaar en voorwaardes betreffende sodanige gebied neer te lê;

(v) Die voorsiening van laairuimte op erwe wat vir besigheids en nywerheidsdoeleindes gebruik word, word verpligtend gemaak;

(w) Alle opritte in nuwe geboue moet nou vir 'n afstand van ses meter gelyk wees, gemeet vanaf die punt waar die oprit die padreserwe binnekom;

(x) Vereistes vir parkering by winkels, kantore, hospitale, verpleeginrigtings, nywerheidsgeboue, skadelike nywerheidsgeboue, bioskope, kerke, skole, sportstadions, sosiale sale, hotelle, losieshuise en woonhuise is neergelê.

Die voornoemde voorlopige skema is vir inspeksie beskikbaar op die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, 11de Vloer, Merino-Gebou, Bosmanstraat, Pretoria, en van die Stadsklerk van die Stadsraad van Springs.

Waar kragtens die bepalings van artikel 32 van voornoemde Ordonnansie, enige eienaar of besitter van onroerende eiendom en enige plaaslike bestuur die reg het om 'n beswaar in te dien of vertoë te rig in verband met sodanige voorlopige skema, moet sodanige beswaar of sodanige vertoë binne vier weke vanaf die eerste publikasie van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* skriftelik aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur by bogemelde adres of Privaatsak X437, Pretoria voorgelê word.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 27 Desember 1979.

PB. 4-9-2-32-8

been rezoned to such uses and sports clubs have been rezoned to "Private Open Spaces".

(o) Certain erven and farm portions whose use was not consistent with the Use Zone for which they were zoned have been rezoned "Special";

(p) Conditions applicable to all erven have been included in the Scheme. These conditions relate to the making of bricks, tiles and earthenware pipes, the excavation of material from erven, the keeping of animals, the erection of wood and/or iron buildings or buildings of unburnt claybricks, the sinking of walls and boreholes, stormwater drainage, the erection of main buildings before outbuildings and the fencing of erven. Special conditions are made applicable to Residential 1 and 2 erven, Business 2 erven and erven zoned Special for a public garage.

(q) The requirements for obtaining a consent use have been slightly changed;

(r) The conditions relating to the subdivision of erven have been changed;

(s) The conditions concerning the height of the buildings have been altered;

(t) Splay areas and proposed roads may now be included in the area of the erf for coverage purposes;

(u) The Council is given the power to declare an area an "Asthetically Controlled Area" and to lay down conditions relating to such area;

(v) The provisions of loading accommodation on erven used for business or industrial purposes is made compulsory.

(w) All ramps in new buildings must now be level for a distance of six metres within the building measured from the point where the ramp enters the road reserve;

(x) Parking requirements are laid down for shops, offices, hospitals and nursing homes, industrial and noxious industrial buildings, cinemas, churches, schools, sports stadiums, social halls, hotels, boarding houses and residential buildings;

The aforesaid interim scheme is open for inspection at the office of the Director of Local Government, 11th Floor, Merino Building, Bosman Street, Pretoria and at the office of the Town Clerk of Springs.

Where in terms of section 32 of the aforesaid Ordinance, any owner or occupier of immovable property and any local authority have the right to lodge an objection or to make representations in respect of the said interim scheme, such owner or occupier or local authority shall submit such objection or make such representations in writing to the Director of Local Government, at the above address or Private Bag X437, Pretoria within a period of four weeks from the date of the first publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

E. UYS,
Director of Local Government.

Pretoria, 27 December, 1979.

PB. 4-9-2-32-8

KENNISGEWING 374 VAN 1979.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORPE.

Ingevolge artikel 58(8)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, word hiermee bekend gemaak dat aansoek gedoen is om toestemming om die dorpe gemeld in meegaande Bylae te stig.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer B206A, 2de Vloer, Blok B, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke vanaf 27 Desember 1979.

Ingevolge artikel 58(8)(a) van die genoemde Ordonnansie, moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoeke of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die *Provinsiale Koerant* naamlik 27 Desember 1979, deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 27 Desember 1979.

BYLAE.

| (a) Naam van Dorp en (b) Eienaar(s) | Aantal Erwe | Beskrywing van Grond | Ligging | Verwysingsnommer |
|---|---|---|---|---|
| (a) Bramley View Uitbreiding 6. (b) Bermenbe Land (Pty.) Ltd. | Spesiale Woon : 16<br>Besigheid : 1<br>Nywerheid : 10<br>Kommersieël : 34 | Gedeelte 15 van die plaas Lombardy, No. 36-I.R., distrik Johannesburg. | Suid van en grens aan Londonweg en Alexandra-dorp. Wes van en grens aan Grenvilleweg en Lombardy West-dorp. | PB. 4-2-2-4479 |
| (a) Pollak Park Uitbreiding 5. (b) Rand Selection Corporation Limited en Andries Meker. | Spesiale Woon : 27<br>Spesiaal vir aanmekaargeskakelde of losstaande eenhede : 18<br>Spesiaal: gholfbaan : 2<br>Parke : 6 | (a) Gedeelte 94 van die plaas Rietfontein No. 128-I.R.<br>(b) Gedeelte 108 van die plaas Rietfontein No. 128-I.R. | Suid van en grens aan Gedeelte 93 van die plaas Rietfontein 128-I.R. Wes van en grens aan Gedeeltes 77 en 92 van die plaas Rietfontein 128-I.R. | PB. 4-2-2-6068 |
| (a) Anderbolt Uitbreiding 38. (b) Vivian John de Villiers. | Kommersieël : 7 | Sekere Resterende Gedeelte van Hoewe No. 10, Boksburg-kleinhoewes, distrik Boksburg. | Noord van en grens aan Topweg en Anderbolt Uitbreiding 4. Oos van en grens aan Hoewe 9 Boksburg-kleinhoewes. | PB. 4-2-2-6099 |

Opmerkings: Hierdie advertensie vervang alle vorige advertensies t.o.v. hierdie aansoek.

NOTICE 374 OF 1979.

PROPOSED ESTABLISHMENT OF TOWNSHIPS.

It is hereby notified in terms of section 58(8)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made for permission to establish the townships mentioned in the accompanying Annexure.

The application together with the relevant plans, documents and information, is open for inspection at the office of the Director, Room B206A, 2nd Floor, Block B, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria, for a period of eight weeks from 27 December, 1979.

In terms of section 58(8)(a) of the said Ordinance any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard, or of making representations in the matter, shall communicate in writing with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the *Provincial Gazette*, that is 27 December, 1979.

All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, Private Bag, X437, Pretoria.

E. UYS,
Director of Local Government.

Pretoria, 27 December, 1979.

ANNEXURE.

| (a) Name of Township and (b) Owner(s) | Number of Erven | Description of Land | Situation | Reference Number |
|---|---|---|---|---|
| (a) Bramley View Extension 6. (b) Bermenbe Land (Pty.) Ltd. | Special Residential : 16<br>Business : 1<br>Industrial : 10<br>Commercial : 34 | Portion 15 of the farm Lombardy No. 36-I.R., district Johannesburg. | South of and abuts London Road and Alexandra Township. West of and abuts Grenville Road and Lombardy West Township. | PB. 4-2-2-4479 |
| (a) Pollak Park Extension 5. (b) Rand Selection Corporation Limited and Andries Meker. | Special Residential : 27<br>Special for attached or detached housing : 18<br>Special: golf course : 2<br>Parks : 6 | (a) Portion 94 of the farm Rietfontein No. 128-I.R. (b) Portion 108 of the farm Rietfontein No. 128-I.R. | South of and abuts Portion 93 of the farm Rietfontein 128-I.R. West of and abuts Portions 77 and 92 of the farm Rietfontein 128-I.R. | PB. 4-2-2-6068 |
| (a) Anderbolt Extension 38. (b) Vivian John de Villiers. | Commercial : 7 | Certain Remaining Extent of Holding 10, Boksburg Small Holding, district Boksburg. | North of and abuts Top Road and Anderbolt Extension 4. East of and abuts Holding 9, Boksburg Small Holdings. | PB. 4-2-2-6099 |

Remarks: This advertisement supercedes all previous advertisements with regard to this application.

KENNISGEWING 1 VAN 1980.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORPE.

Ingevolge artikel 58(8)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, word hiermee bekend gemaak dat aansoek gedoen is om toestemming om die dorpe gemeld in meegaande Bylae te stig.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer B206A, 2de Vloer, Blok B, Provinsiale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke vanaf 2 Januarie 1980.

Ingevolge artikel 58(8)(a) van die genoemde Ordonnansie, moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoeke of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die Provinsiale Koerant naamlik 2 Januarie 1980 deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 2 Januarie 1980.

BYLAE.

| (a) Naam van Dorp en (b) Eienaar(s) | Aantal Erwe | Beskrywing van grond | Ligging | Verwysingsnommer |
|---|---|---|---|---|
| (a) Secunda Uitbreiding 11 (elf).<br>(b) Sasol (Transvaal) Dorpsgebiede Beperk. | Besigheid : 14<br>Spesiaal : 1<br>Parke : 3<br>Spesiaal vir Wandelgange : 2 | Resterende gedeelte van Gedeelte 30 van die plaas Driefontein No. 137-I.S. | Noord oos en grens aan Etienne Rousseauweg. Oos van en grens aan Paul Krugerweg. | PB. 4-2-2-6072 |
| (a) Trichardt Uitbreiding 2.<br>(b) Trichardtsfontein Investment Company. | Spesiale Woon : 3<br>Besigheid : 2<br>Parke : 1 | Nege tiendes (9/10) aandeel van en in Gedeelte "C" van Gedeelte 3 van Gedeelte "E" van die plaas Trichardtsfontein No. 140-I.S. | Suidoos en grens aan Secunda Middelburg pad/road oos en grens aan Kinross Bethal pad. | PB. 4-2-2-6122 |
| (a) Lenasia Suid Uitbreiding 1.<br>(b) Departement van Gemeenskapsbou. | Spesiale Woon : 636<br>Algemene Woon : 3<br>Besigheid : 3<br>Spesiaal vir gebruike soos bepaal deur die Administrateurs : 4<br>Parke : 9<br>Groepbehuising : 3<br>Creche : 2<br>Kleuterskool : 1<br>Ander skole : 5<br>Kerke : 5 | 'n Gedeelte van Gedeelte 17 van die plaas Roodepoort No. 302-I.Q. | Suid van en grens aan Gedeelte 18 van die plaas Roodepoort 302 I.Q. | PB. 4-2-2-6122 |

LET WEL: Alle vorige kennisgewings in verband met 'n aansoek om toestemming vir die stigting van voorgestelde dorp Trichardt Uitbreiding 2 moet as gekanselleer beskou word.

LET WEL: Alle vorrige kennisgewings in verband met 'n aansoek om toestemming vir die stigting van die voorgestelde dorp Lenasia Suid Uitbreiding 1 moet as gekanselleer beskou word.

LET WEL: Alle vorige kennisgewings in verband met 'n aansoek om toestemming vir die stigting van die voorgestelde dorp Secunda Uitbreiding 11 (elf) moet as gekanselleer beskou word.

KENNISGEWING 2 VAN 1980.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORPE.

Ingevolge artikel 58(8)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, word hiermee bekend gemaak dat aansoek gedoen is om toestemming om die dorpe gemeld in meegaande Bylae te stig.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer B206A, 2de Vloer, Blok B, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke vanaf 2 Januarie 1980.

Ingevolge artikel 58(8)(a) van die genoemde Ordonnansie, moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoeke of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die Provinsiale Koerant naamlik 2 Januarie 1980, deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

Pretoria, 2 Januarie 1980.

BYLAE.

| (a) Naam van Dorp en (b) Eienaar(s) | Aantal Erwe | Beskrywing van grond | Ligging | Verwysingsnommer |
|---|---|---|---|---|
| (a) Riversclub Uitbreiding 18.<br>(b) Parkridge (Pty.) Ltd. | Spesiaal vir groepsbehuising : 2<br>Park : 1 | Gedeelte 216 ('n gedeelte van Gedeelte 62) van die plaas Zandfontein No. 42-I.R., distrik Johannesburg. | Suid van en grens aan Gedeelte 217 van die plaas Zandfontein. Oos van en grens aan Morningside Uitbreiding 78. | PB. 4-2-2-5-6-2-8 |
| (a) Groblersdal Uitbreiding 11.<br>(b) Linbri Ontwikkelaars (Edms.) Bpk. Johanna Magdalena Besaans. | Nywerheid : 30<br>Spesiaal vir gebruike soos bepaal deur die Administrateur : 2 | Gedeeltes 5, 27 en 'n gedeelte van die Resterende Gedeelte van die plaas Klipbank No. 26-J.S., distrik Groblersdal. | Oos van en grens aan Gedeelte 4 van die plaas Klipbank 26-J.S.; Noord van en grens aan Pad P51-3. | PB. 4-2-2-6037 |
| (a) Anderbolt Uitbreiding 31.<br>(b) Vooruitsig Ondernemings (Eiendoms) Bpk. | Nywerheid : 3 | Hoewe 3, Boksburg Kleinhoewe. | Noordoos van Gedeelte 95 van die plaas Klipfontein 83-I.R.; Wes van en grens aan Main Road | PB. 4-2-2-59-6-1 |
| (a) Thabazimbi Uitbreiding 6.<br>(b) Stadsraad van Thabazimbi. | Spesiale Woon : 221<br>Spesiaal : 1<br>Parke : 1<br>Kerk : 1<br>Ouetehuis : 1<br>Staats : 1<br>Sportterrein : 1 | Restant van die plaas Doornhoek No. 318. | Noordwes van en grens aan Provinsiale Pad 185. Oos van en grens aan Thabazimbi Uitbreiding 3. | PB. 4-2-2-6-0-8-4 |

LET WEL: Hierdie advertensie vervang alle vorige advertensies met betrekking tot die aansoek.

NOTICE 2 OF 1980.

PROPOSED ESTABLISHMENT OF TOWNSHIPS.

It is hereby notified in terms of section 58(8)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made for permission to establish the townships mentioned in the accompanying Annexure.

The application together with the relevant plans, documents and information, is open for inspection at the office of the Director, Room B206A, 2nd Floor, Block B, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria, for a period of eight weeks from 2nd January, 1980.

In terms of section 58(8)(a) of the said Ordinance, any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate in writing with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the Provincial Gazette, that is 2nd January, 1980.

All objections must be lodge in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria.

E. UYS,
Director of Local Government.

Pretoria, 2 January, 1980.

ANNEXURE.

| (a) Name of Township and (b) Owner(s) | Number of Erven | Description of land | Situation | Reference Number |
|---|---|---|---|---|
| (a) Riversclub Extension 18.<br>(b) Parkridge (Pty.) Ltd. | Special for grouphousing : 2<br>Park : 1 | Portion 216 (a portion of Portion 62) of the farm Zandfontein No. 42-I.R.; district of Johannesburg | South of and abuts Portion 217 of the farm Zandfontein. East of and abuts Morningside Extension 78. | PB. 4-2-2-5-6-2-8 |
| (a) Groblersdal Extension 11.<br>(b) Linbri Ontwikkelaars (Edms.) Bpk. Johanna Magdalena Besaans. | Industrial : 30<br>Special for uses as may determined by the Administrator : 2 | Portions 5, 27 and a portion of the Remaining Extent of the farm Klipbank 26-J.S.; dist. Groblersdal | East of and abuts Portion 4 of the farm Klipbank 26 J.S.; North of and abuts Road P51-3. | PB. 4-2-2-6037 |
| (a) Anderbolt Extension 31.<br>(b) Noorduitsig Ondernemings (Eiendoms) Bpk. | Industrial : 3 | Holding 3 Boksburg small holdings. | Northeast of and abuts Portion 95 of the farm Klipfontein No. 83-I.R.; West of and abuts Main road. | PB. 4-2-2-5-9-6-1 |
| (a) Thabazimbi Extension 6.<br>(b) City Council of Thabazimbi. | Special Residential : 221<br>Special : 1<br>Parks : 1<br>Church : 1<br>Government : 1<br>Sports ground : 1<br>Old age home : 1 | Remainder of the farm Doornhoek No. 318. | Northwest and abuts Provincial Road 185. East of and abuts Thabazimbi Extension 3. | PB. 4-2-2-6-0-8-4 |

N.B.: This adertisement supercedes all previous advertisements with regard to this application.

KENNISGEWING 3 VAN 1980.

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967.

Ingevolge artikel 3(6) van bostaande Wet word hiermee kennis gegee dat onderstaande aansoeke deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang is en ter insae lê by Kamer B206A, Provinsiale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, en in die kantoor van die betrokke plaaslike owerheid.

Enige beswaar, met volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, by bovermelde adres of Privaatsak X437, Pretoria, ingedien word op of voor 30 Januarie 1980.

E. UYS,
Direkteur van Plaaslike Bestuur.

